



# Hersiene

## Nasionale Kurrikulumverklaring

### Graad R-9

### (Skole)

## Sosiale Wetenskappe



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

**Departement van Onderwys**

**Sol Plaatje-huis**

**Schoemanstraat 123**

**Privaatsak X895**

**Pretoria 0001**

**Suid-Afrika**

**Tel: +27 12 312-5911**

**Faks: +27 12 321-6770**

**Pleinstraat 120**

**Privaatsak X9023**

**Kaapstad 8000**

**Suid-Afrika**

**Tel: +27 21 465-1701**

**Faks: +27 21 461-8110**

<http://education.pwv.gov.za>

© 2003 Departement van Onderwys, Pretoria

ISBN: 1-919975-24-1

Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002

Hierdie dokument moet as deel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees word.

Hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sluit in:

1. 'n Oorsig
2. Agt Leerareaverklarings:
  - Tale
  - Wiskunde
  - Natuurwetenskappe
  - Sosiale Wetenskappe
  - Kuns en Kultuur
  - Lewensoriëntering
  - Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
  - Tegnologie

## HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

- Vir algemene inligting, verwys na:
  - *Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring in hoofstuk 1* – Dit sal inligting oor uitkomsgebaseerde onderwys, die Hersiene Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en leerprogramme verskaf.
  - *Inleiding tot die Leerarea in hoofstuk 1* – Dit sal ’n inleiding tot die leerareaverklaring, die kenmerke en omvang daarvan en die leeruitkomste verskaf.
  - *Leerderassessering* – Hierdie hoofstuk verskaf riglyne ten opsigte van assesseringsbeginsels in uitkomsgebaseerde onderwys, bespreek deurlopende assessering en verskaf voorbeelde van verslaghouding.
  - Die *Naslaanlyste* bevat sowel ’n algemene woordelys vir *kurrikulum en assessering* as ’n spesifieke *leerareawoordelys*.
- Hierdie boek bestaan uit verskeie hoofstukke. Daar is een hoofstuk vir elkeen van die fases van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior Fase. Elkeen van hierdie hoofstukke het ’n kort inleidende gedeelte wat deur die assesseringstandaarde vir die fase gevolg word. Daar is ook ’n hoofstuk oor leerderassessering.
- Die assesseringstandaarde vir elke fase word op so ’n manier aangebied dat dit moontlik is om progressie te volg. Dit beteken dat soortgelyke assesseringstandaarde vir elke graad saam verskyn sodat die onderwyser progressie van jaar tot jaar kan nagaan. As gevolg hiervan is daar van tyd tot tyd oop ruimtes, want nie elke assesseringstandaard het ’n ooreenkomstige een in elke graad nie.
- Sekere simbole word regdeur die boek gebruik om die leser te help om inligting op te spoor. Hierdie simbole is:



Assesseringstandaarde



Graad



Leeruitkoms

## INHOUD

### HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

#### INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING 1

Uitkomsgebaseerde Onderwys	1
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings	2
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme	2
Tydstoekenning	3
Assessering	3
Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word	3
Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word	3

#### INLEIDING TOT DIE SOSIALE WETENSKAPPE-LEERAREA 4

Definisie	4
Doel	4
Unieke Kenmerke en Omvang	5
Geskiedenis	5
Aardrykskunde	5
Sosiale Wetenskappe-leeruitkomste	7
Geskiedenis	7
Aardrykskunde	7

### HOOFSTUK 2: GRONDSLAGFASE (Graad-3) 9

#### GESKIEDENIS 9

Inleiding	9
Leeruitkomste	9
Leeruitkomste vir die Grondslagfase	9
Kennisfokus vir Graad R en 1	10
Kennisfokus vir Graad 2	10
Kennisfokus vir Graad 3	10
Assesseringstandaarde	11
Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek (graad R)	12

Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip (graad R)	13
Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie (graad R)	14
Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek (graad 1-3)	16
Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip (graad 1-3)	18
Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie (graad 1-3)	20
<b>AARDRYKSKUNDE</b>	<b>22</b>
Inleiding	22
Leeruitkomste	22
Leeruitkomste vir die Grondslagfase	22
Kennisfokus vir Graad R	23
Kennisfokus vir Graad 1	23
Kennisfokus vir Graad 2	23
Kennisfokus vir Graad 3	23
Asseseringstandaarde	24
Leeruitkoms 1: Aardrykskundige Onderzoek (graad R)	26
Leeruitkoms 2: Aardrykskundige Kennis en Begrip (graad R)	27
Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke (graad R)	28
Leeruitkoms 1: Aardrykskundige Onderzoek (graad 1-3)	30
Leeruitkoms 2: Aardrykskundige Kennis en Begrip (graad 1-3)	32
Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke (graad 1-3)	34

## **HOOFSTUK 3: INTERMEDIËRE FASE (Graad 4-6)** **37**

<b>GESKIEDENIS</b>	<b>37</b>
Inleiding	37
Leeruitkomste	37
Leeruitkomste vir die Intermediêre Fase	38
Kennisfokus vir Graad 4	38
Kennisfokus vir Graad 5	39
Kennisfokus vir Graad 6	39
Asseseringstandaarde	40
Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek	42
Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip	44
Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie	46

<b>AARDRYKSKUNDE</b>	<b>48</b>
Inleiding	48
Leeruitkomste	48
Leeruitkomste vir die Intermediêre Fase	48
Kennisfokus vir Graad 4	49
Kennisfokus vir Graad 5	50
Kennisfokus vir Graad 6	50
Asseseringstandaarde	51
Leeruitkoms 1: Aardryskundige Ondersoek	52
Leeruitkoms 2: Aardryskundige Kennis en Begrip	54
Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke	66

## **HOOFSTUK 4: SENIOR FASE (Graad 7-9) 59**

<b>GESKIEDENIS</b>	<b>59</b>
Inleiding	59
Leeruitkomste	60
Leeruitkomste vir die Senior Fase	60
Kennisfokus vir Graad 7	60
Kennisfokus vir Graad 8	61
Kennisfokus vir Graad 9	62
Asseseringstandaarde	63
Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Ondersoek	64
Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip	66
Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie	68

<b>AARDRYKSKUNDE</b>	<b>70</b>
Inleiding	70
Leeruitkomste	70
Leeruitkomste vir die Senior Fase	70
Kennisfokus vir Graad 7	71
Kennisfokus vir Graad 8	72
Kennisfokus vir Graad 9	73
Asseseringstandaarde	73
Leeruitkoms 1: Aardryskundige Ondersoek	74
Leeruitkoms 2: Aardryskundige Kennis en Begrip	76
Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke	78

<b>HOOFSTUK 5: KENNISFOKUSRAAMWERK</b>	<b>81</b>
Graad R	81
Graad 1	82
Graad 2	82
Graad 3	83
Graad 4	84
Graad 5	86
Graad 6	88
Graad 7	90
Graad 8	91
Graad 9	93
<b>HOOFSTUK 6: LEERDERASSESSERING</b>	<b>96</b>
<b>INLEIDING</b>	<b>96</b>
<b>ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD</b>	<b>96</b>
Definisie	96
Kernelemente	97
Doelstellings van Assessering	97
<b>DEURLOPENDE ASSESSERING</b>	<b>98</b>
Kenmerke van Deurlopende Assessering	98
Assesseringstrategieë	98
Algemene Assesseringstake	99
<b>DIE BESTUUR VAN ASSESSERING</b>	<b>99</b>
Mense betrokke by Assessering	99
Skoolassesseringsprogram	99
<b>VERSLAGHOUDING</b>	<b>100</b>
Verslagboeke	100
Kodes vir Gebruik by Assessering	100
Nasionale Kodes	101
Vorderingskedules	101
Leerderprofile	102



<b>RAPPORTE</b>	<b>102</b>
Inligting wat in Rapporte moet Verskyn	102
Rapporte	103

<b>NASLAANLYSTE</b>	<b>104</b>
---------------------	------------

<b>WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING</b>	<b>102</b>
---	------------

<b>WOORDELYS: SOSIALE WETENSKAPPE</b>	<b>106</b>
---------------------------------------	------------



# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir die transformasie en ontwikkeling van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Aanhef tot die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- heel die verdelings van die verlede en skep 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte;
- lê die grondslag vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering op die wil van die bevolking gegrondves is en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- verhoog die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van elke mens;
- bou 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Onderwys en die kurrikulum speel 'n belangrike rol in die verwesenliking van hierdie doelwitte. Die kurrikulum is daarop gerig om die volle potensiaal van elke leerder as burger van 'n demokratiese Suid-Afrika te ontwikkel.

#### Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde onderwys vorm die grondslag vir die kurrikulum in Suid-Afrika. Dit strewende daarna om alle leerders in staat te stel om tot hul maksimum vermoë te presteer. Dit word gedoen deur die uitkomst wat aan die einde van die proses bereik moet word, uiteen te sit. Die uitkomst beklemtoon 'n leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde benadering tot onderwys. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bou die leeruitkomst vir die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vir graad R-9 (vir skole) op die kritieke en ontwikkelingsuitkomst wat deur die Grondwet geïnspireer is en in 'n demokratiese proses ontwikkel is.

Die kritieke uitkomst stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon;
- begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die ontwikkelingsuitkomst stel leerders wat ook tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om doeltreffender te leer;
- neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel;

- is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste;
- ondersoek opleidings- en beroepsmoontlikhede;
- ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Vraagstukke soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid en uitdagings soos MIV/vigs beïnvloed die graad waartoe en die manier waarop leerders aan skoling kan deelneem. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) volg 'n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Al die leerareaverklarings probeer om 'n bewustheid van die verband tussen sosiale geregtigheid, menseregte, 'n gesonde omgewing en inklusiwiteit te skep. Leerders word ook aangemoedig om kennis van en begrip vir die ryk diversiteit van hierdie land, insluitend die kulturele, godsdienstige en etniese komponente van hierdie diversiteit, te ontwikkel.

### **Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings**

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) bestaan uit 'n Oorsig en agt Leerareaverklarings vir:

- Tale
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Elke leerareaverklaring identifiseer die hoofleeruitkomste wat teen die einde van graad 9 bereik moet word. Elke leerareaverklaring spesifiseer ook die assesseringstandaarde wat dit moontlik sal maak om die leeruitkomste te bereik. Assesseringstandaarde word vir elke graad omskryf en beskryf die diepte en wydte van wat leerders behoort te weet en waartoe hulle in staat moet wees. Elke leerareaverklaring se assesseringstandaarde toon hoe konseptuele en vaardigheidsontwikkeling oor tyd heen kan plaasvind. Assesseringstandaarde kan sowel binne grade as oor grade heen geïntegreer word. Die bereiking van 'n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen (waar nodig en opvoedkundig korrek) en konseptuele progressie is sentraal tot hierdie kurrikulum.

### **Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme**

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is gerig op die bevordering van sowel toewyding as bevoegdheid onder onderwysers, wat verantwoordelik vir die ontwikkeling van hul eie leerprogramme sal wees. Ten einde hierdie proses te steun sal die Departement van Onderwys beleidsriglyne wat op elke leerareaverklaring gebaseer is, verskaf. Provinsies sal, waar nodig, verdere riglyne ontwikkel ten einde voorsiening vir diversiteit te maak.

Die onderliggende beginsels en waardes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring se leerareaverklarings is ook onderliggend aan die leerprogramme. Terwyl die leerareas die begrippe, vaardighede en waardes stipuleer wat per graad bereik moet word, spesifiseer leerprogramme die omvang van leer- en

assesseringsaktiwiteit per fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat die tempo en orde van hierdie aktiwiteit vir elke jaar verskaf, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige gegewe tydperk geïmplementeer kan word.

In die Grondslagfase is daar drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. In die Intermediêre Fase is Tale en Wiskunde afsonderlike leerprogramme. Leerprogramme moet verseker dat die voorgeskrewe uitkomst vir elke leerarea doeltreffend en volledig gedek word. Skole kan, na aanleiding van hul organisatoriese vereistes, op die aantal en aard van ander leerprogramme besluit, mits die nasionale prioriteite en ontwikkelingsbehoefte van leerders in 'n fase in ag geneem word. In die Senior Fase is daar agt leerprogramme gebaseer op die leerareaverklarings. Die tydstoekenning vir elke leerarea word vir alle grade en fases voorgeskryf.

### **Tydstoekenning**

Kragtens artikel 4 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (1998) sal die formele skooldag vir onderwysers sewe uur wees. Kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) is die formele onderrigtyd per skoolweek 35 uur. Dit word uiteengesit in:

- (i) Oorsigdokument, ISBN 1-919917-68-30, bladsy 18 tot 20;
- (ii) Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002, bladsy 26 en 27.

### **Assessering**

Elke leerareaverklaring bevat 'n omvattende afdeling oor assessering. 'n Uitkomsgebaseerde raamwerk gebruik assesseringsmetodes wat uiteenlopende kontekstuele faktore omvat. Assessering behoort doeltreffende aanduidings van leerderprestasie te verskaf en behoort te verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering behoort leerders ook te help om hul eie prestasievlak te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en om verdere leer aan te moedig.

### **Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word**

Alle onderwysers en ander opvoeders lewer 'n kernbydrae tot die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) stel onderwysers in die vooruitsig wat gekwalifiseer, bekwaam, toegewyd en deernisvol is. Hulle sal in staat wees om die verskeie rolle wat in die Norme en Standaarde vir Opvoeders beskryf word, te vervul. Hiervolgens word onderwysers as fasiliteerders van leer, vertolkers en ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas of leerfasies beskou.

### **Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word**

Die bevordering van waardes is nie slegs belangrik vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat 'n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit gebou word op waardes wat verskillend is van dié wat apartheidsonderwys onderlê het. Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is een wat met hierdie waardes besiel sal wees en wat in die belange van 'n samelewing gegrond op agting vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid, lewe en sosiale geregtigheid sal optree. Die kurrikulum stel in die vooruitsig 'n lewenslange leerder wat vrymoedig en onafhanklik, geletterd, gesyferd, veelvaardig en deernisvol is, met respek vir die omgewing en met die vermoë om as 'n kritiese en aktiewe burger aan die samelewing deel te neem.

## **INLEIDING TOT DIE SOSIALE WETENSKAPPE-LEERAREA**

### **Definisie**

Die Sosiale Wetenskappe-leerarea bestudeer verhoudings tussen mense, asook tussen mense en die omgewing. Hierdie verhoudings verskil oor tyd en plek heen. Dit word ook deur die maatskaplike, politieke, ekonomiese en omgewingskonteks en deur mense se waardes, houdings en oortuigings beïnvloed.

Die begrippe, vaardighede en prosesse van Geskiedenis en Aardrykskunde is kernelemente van die Sosiale Wetenskappe-leerarea in die skoolkurrikulum. Omgewingsopvoeding en menseregte-opvoeding vorm 'n integrale deel van hierdie leerarea.

Die Sosiale Wetenskappe-leerarea is gemoeid met sowel wat leerders leer as hoe hulle leer en kennis verwerf. Leerders word aangemoedig om vrae te stel oor die samelewing en omgewing waarin hulle lewe en om antwoorde vir die vrae te vind.

Hierdie leerarea dra by tot die ontwikkeling van ingeligte, kritiese en verantwoordelike burgers wat in staat is om opbouend aan 'n kultureel diverse en veranderende samelewing deel te neem. Dit rus leerders ook toe om tot die ontwikkeling van 'n regverdige en demokratiese samelewing by te dra.

### **Doel**

Die Sosiale Wetenskappe-leerarea is daarop gerig om 'n bewustheid te ontwikkel van hoe ons ons toekoms kan beïnvloed deur ekonomiese en sosiale ongelykheid (insluitend rassisme en seksisme) te konfronteer en te bevraagteken ten einde 'n nie-rassige, demokratiese hede en toekoms te bou.

Geskiedenis en Aardrykskunde word as afsonderlike maar verwante dissiplines in Sosiale Wetenskappe aangebied.

'n Studie van Geskiedenis binne die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband stel leerders in staat om die volgende progressief te ontwikkel:

- 'n algemene kennis en begrip van al die mense wat in Suid-Afrika woonagtig is;
- 'n begrip van ons diverse verlede en hoe dit ons huidige werklikheid beïnvloed (geskiedkundige bewustheid);
- 'n begrip van die interpretasie van erfenis en die rol daarvan in die vorming van identiteit;
- waardering vir die spesiale bydrae van die mondelinge tradisie en argeologie en van die omgewing se uitwerking op geskiedkundige ontwikkelinge;
- die vermoë om krities verantwoordelike burgers te word binne 'n konteks waarin mense- en omgewingsregte aangemoedig word;
- 'n begrip van patrone van sosiale ontwikkeling en die uitwerking van tegnologie op die samelewing en die omgewing;
- 'n begrip van organisasies en hoe om in wisselwerking daarmee te tree en daaraan deel te neem;
- die vaardigheid om krities in wisselwerking met inligting uit 'n verskeidenheid bronne te tree, insluitend bronne wat verskillende perspektiewe op dieselfde gebeurtenis of vraagstuk bied.

'n Studie van Aardrykskunde binne die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband stel leerders in staat om die volgende progressief te ontwikkel:

- kennis en 'n begrip van die plek waar hulle woon, van ander mense en plekke, van die belangrikheid van ligging en van die onderlinge verband en wisselwerking tussen mense en plekke;
- 'n begrip van die manier waarop wisselwerking tussen mense en die omgewing in reaksie op fisiese en menslike prosesse plaasvind;
- 'n bewustheid van ruimtelike verhoudings en 'n gebalanseerde, kritiese en empatieke begrip van die veranderende wêreld;
- 'n ingeligte besorgdheid vir die wêreld om ons en die vermoë en gewilligheid om aan optrede vir 'n volhoubare omgewing deel te neem;
- houdings, waardes en optrede in 'n wêreld van voortdurende maatskaplike, ekonomiese, politieke en omgewingsverandering.

## Unieke Kenmerke en Omvang

### Geskiedenis

Die leeruitkomste vir Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis) bevorder:

- ondersoekvaardighede om die verlede en die hede te ondersoek;
- geskiedkundige kennis en begrip;
- geskiedkundige interpretasievaardighede.

Die assesseringstandaarde beklemtoon die geskiedkundige vaardighede en konseptuele kennis wat vir onderrig en assessering nodig is. Ten einde betekenis aan hierdie vaardighede en begrippe te verleen, verskaf Hoofstuk 5 die minimum kerninhoud wat die konteks gee waarin leerders die leeruitkomste en assesseringstandaarde sal bereik. Die keuse van inhoud vir elke graad is ontwerp om 'n breë oorsig eerder as 'n noukeurige ondersoek van enige spesifieke onderwerp te bied. Sommige van hierdie onderwerpe mag in meer besonderhede in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband gedek word.

Die vaardighede en kennis wat hier aandag ontvang, gee die onderwyser geleentheid om waardes aan te moedig en benaderings te gebruik wat sosiale geregtigheid en menseregte by die skool en in die samelewing bevorder.

Die volgende ontvang oorkoepelende klem in Geskiedenis:

- die ervarings van gewone mense;
- gebeurtenisse van geskiedkundige belang;
- belangrike historiese prosesse (bv. industrialisering);
- 'n benadering wat Suid-Afrika in Afrika en die groter wêreld plaas;
- plaaslike studie wat geskiedenis, aardrykskunde, omgewingsopvoeding en demokrasieopvoeding integreer;
- die insluiting van verlore stemme en prosesse in die geskiedenis.

### Aardrykskunde

Die leeruitkomste vir Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde) bevorder:

- ondersoekvaardighede om kernbegrippe en -prosesse in Aardrykskunde te ondersoek;
- kennis en begrip van die onderlinge verband tussen mense, hulpbronne en die omgewing;
- die kritiese ontleding van ontwikkelingsvraagstukke op 'n plaaslike, nasionale en wêreldskaal.

Soos in die geval van die Geskiedenis-komponent, fokus die assesseringstandaarde op die vaardighede wat onderwysers moet onderrig en assesser. Die minimum kerninhoud word verskaf om die konteks vir die bereiking van die leeruitkomste en assesseringstandaarde te verskaf (sien Hoofstuk 5). Inhoudsvelde sluit in: klimatologie, geomorfologie, gevare, bevolkingsdinamika, nedersetting en ontwikkeling.

In Aardrykskunde sal leerders die volgende ondersoek:

- sosiale ongelykheid en vorme van benutting met betrekking tot omgewings- en grondvraagstukke;
- die verminderende beskikbaarheid van hulpbronne;
- agteruitgang in die gehalte van die omgewing;
- strategieë vir verandering.

Om dit doeltreffend te doen, benodig leerders voldoende kennis en begrip van fisiese aardrykskunde en die uitwerking van fisiese prosesse op mense en die omgewing.

### **Waardes, menseregtekwessies en onderrigbenadering**

Die Sosiale Wetenskappe-leerarea lewer 'n kritieke bydrae tot die begrip en transformasie van die samelewing en die omgewing.

Ons Grondwet se waardes vorm die grondslag vir alle waardes in die Sosiale Wetenskappe-leerarea. Hierdie waardes, saam met menseregte- en omgewingskwessies, is 'n noodsaaklike deel van onderrig en leer in die Sosiale Wetenskappe. Dit behoort 'n invloed te hê op die manier waarop kernvrae geformuleer word en sodoende behoort dit fokus aan die inhoud te gee.

Wanneer daar met Geskiedenis en Aardrykskunde in die Sosiale Wetenskappe gewerk word, behoort verskeie vraagstukke – ras, geslag, klas, xenofobie, menseslagting – en die uitwerking daarvan in die verlede en die hede ondersoek te word. Dit is belangrik om magsverhoudinge in die verlede en die hede te ondersoek, insluitend toegang tot en die verspreiding van hulpbronne, die uitoefening van politieke mag, geslagsverhoudings en die invloed wat dit op mense se lewens gehad het en steeds het.

Die Sosiale Wetenskappe-leerareaverklaring:

- is ontwerp om ruimte aan die verlore stemme van die geskiedenis en aan gemarginaliseerde gemeenskappe te gee;
- is daarop gerig om leerders 'n gevoel van mag te gee. Dit is belangrik dat jong mense verstaan hulle is in staat om keuses te maak ten einde 'n verskil vir positiewe verandering teweeg te bring. Hulle behoort aangemoedig te word om dit nie slegs in 'n geskiedkundige konteks waarin hulle oor die verlede leer te doen nie, maar ook om keuses vir die ontwikkeling van 'n etiek van volhoubare lewe in die hede en vir die toekoms te maak.
- is daarop gerig om leerders toe te rus met kennis, begrip en vaardighede wat hulle in staat sal stel om oordele te vel. Respek en waardering vir alle kulture en tale is die kern van hierdie leerarea. Dit bevorder kritiese vraagstelling as grondslag vir die ontwikkeling van verantwoordelike burgers in 'n demokrasie. Tydens die ondersoek van die oorsake van konflik – sowel polities as in die omgewing, sowel in die verlede as in die hede – behoort leerders insigte te verwerf wat 'n bydrae tot vrede en die ontwikkeling van nie-gewelddadige reaksies op konflik lewer.



- skei die inhoud van die assesseringstandaarde. Daar bestaan egter 'n hegte verband tussen die twee en dit is ontwerp om saam gebruik te word. Nóg die inhoud nóg die assesseringstandaarde kan egter in isolasie geassesseer word. Die twee werk saam en moet saam geassesseer word. Bevoegdheid in die kennis, begrip en vaardighede wat in die assesseringstandaarde beskryf word, kan slegs in terme van die inhoud getoon word.

## Sosiale Wetenskappe-leeruitkomst

Die Sosiale Wetenskappe-leerarea het ses leeruitkomst – drie vir Geskiedenis en drie vir Aardrykskunde.

### Geskiedenis



#### Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.



#### Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip

Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.



#### Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie

Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.

### Aardrykskunde



#### Leeruitkoms 1: Aardrykskundige Onderzoek

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.



#### Leeruitkoms 2: Aardrykskundige Kennis en Begrip

Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.



#### Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke

Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.



## HOOFSTUK 2

### GRONDSLAGFASE

#### (Graad R-3)

## GESKIEDENIS

### Inleiding

Leerders in die Grondslagfase behoort in staat te wees om basiese vrae te stel en antwoorde te vind vir vrae oor aspekte van hul persoonlike lewe, ander se lewens, en ervarings betreffende die verlede en die hede. Leerders stel sulke vrae oor mense, voorwerpe en plekke. Hulle reageer op stories wat oor die verlede vertel word en vertel sulke stories oor, en gee hul eie mening oor die stories en gebeurtenisse. Hulle is in staat om tussen fantasie en die werklikheid te onderskei. In hierdie fase begin leerders om 'n gevoel vir chronologie en tyd te ontwikkel en is in staat om eenvoudige redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die verlede te gee, om gebeurtenisse te beskryf en om vergelykings te tref. Hulle kan verskillende maniere waarop die verlede voorgestel word, identifiseer (bv. prente, geskrewe verslae, foto's, mondelinge verslae, voorwerpe).

Leeruitkoms 1 is ontwerp om 'n natuurlike integrasie en verbande tussen Geskiedenis en Aardrykskunde binne die Sosiale Wetenskappe-leerarea te vergemaklik. Natuurlike verbande bestaan ook tussen sommige van die assesseringstandaarde van die ander leeruitkomste, asook in die inhoudsvelde.

### LEERUITKOMSTE

#### Leeruitkomste vir die Grondslagfase



#### Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek

**Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- die vind van bronne;
- werk met bronne – stel vrae, vind inligting en organiseer, ontleed en sintetiseer inligting;
- die skryf van 'n stuk geskiedenis (die beantwoording van 'n vraag);
- die oordra van geskiedkundige kennis en begrip (die oordra van 'n antwoord).



#### Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip

**Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit die hantering en begrip van die volgende in:

- chronologie en tyd;
- oorsaak en gevolg;
- ooreenkoms en verskil.



### Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie

**Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- interpretasie gebaseer op geskiedkundige bronne;
- begrip dat daar kwessies is wat interpretasie beïnvloed;
- interpretasie van die openbare voorstelling van die verlede, argeologie en herinneringe.

#### Kennisfokus vir Graad R en 1

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad R en 1 dek dieselfde gebiede en word weerspieël in:

- stories oor die leerder se eie lewe, die lewenswyse van eie gesin en familie of van ander om die leerder, asook aspekte wat oor tyd heen verander het;
- stories oor interessante mense (vroue en mans, seuns en meisies) uit verskillende tydperke (bv. gewone mense, beroemde mense);
- sosiale ervarings oor tyd heen (bv. speletjies, speelgoed in eie en ander samelewings);
- vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is.

#### Kennisfokus vir Graad 2

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 2 word weerspieël in:

- stories oor die leerder se eie lewe, gesins- en familielewe en skoollewe, asook aspekte wat oor tyd heen verander het;
- stories oor die lewenswyse van mense wat in die verlede in die plaaslike omgewing of elders in Suid-Afrika gelewe het;
- sosiale ervarings oor tyd heen (bv. huise, kos en kleredrag in verskillende samelewings);
- vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is;
- 'n bewustheid van die bestaan van die nasionale regering en die president;
- kennis van nasionale simbole soos die Suid-Afrikaanse vlag.

#### Kennisfokus vir Graad 3

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 3 word weerspieël in:

- stories oor interessante mense (vroue en mans, seuns en meisies, gewone mense, beroemde mense) uit verskillende tydperke in die geskiedenis van Suid-Afrika en die wêreld;
- stories oor gebeurtenisse uit die geskiedenis van Suid-Afrika en die wêreld wat herdenk word (bv. die Olimpiese Spele, Vryheidsdag, 16 Junie, Papawerdag);
- verskillende plekke van geskiedkundige belang in die leerder se lewe (bv. waar die leerder al gewoon het, aanbiddingsplekke, historiese bakens);
- beskrywings van en vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is;
- stories uit die verlede en die hede in Suid-Afrika en die wêreld oor respek vir en skending van kinderregte;
- sosiale ervarings oor tyd heen (bv. kunswerke, musiek en dans in verskillende samelewings);

- 'n bewustheid van die bestaan van leerders se eie provinsie en premier;
- kennis van nasionale simbole soos Suid-Afrika se nasionale voël, blom, dier of vis.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

### Let Wel:

- Onderwysers moet onthou dat nie alle leerders graad R bygewoon het nie. Begrippe, vaardighede en strategieë vir graad R moet dus in graad 1 onderrig en vasgelê word.
- Die ondersoekprosesse in Geskiedenis en Aardrykskunde skakel nou met mekaar in Leeruitkoms 1; hierdie leeruitkoms dien as grondslag vir die ondersoekprosesse in Leeruitkoms 2 en 3. Die belangrikste ondersoekprosesse vir hierdie fase verskyn hierbo, saam met die leeruitkomste. Verwysings na hierdie ondersoekprosesse word binne die assesseringstandaarde gegee en verskyn tussen vierkante hakies – byvoorbeeld: [vind bronne].
- Dit is noodsaaklik om enige ondersoekproses met kernvrae te begin. Sommige kernvrae – wat deur die onderwyser en/of die leerder gevra moet word – verskyn dus saam met die assesseringstandaarde vir Leeruitkoms 1. (Die kernvrae is in skuinsdruk.) *Hierdie vrae is bedoel om as riglyne te dien en is nie veronderstel om geassesseer te word nie.*

## Graad R



### Leeruitkoms 1

#### **GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK**

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beantwoord eenvoudige vrae oor stories oor die verlede [beantwoord die vraag].
- Vertel stories oor die verlede oor en teken prente om hierdie stories te illustreer [beantwoord die vraag].

## Graad R



### Leeruitkoms 2

#### **GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en gebrip te toon.



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek persoonlike ervarings in die verlede en die hede [chronologie en tyd].
- Bespreek eie ouderdom in jare [chronologie en tyd].

## Graad R



### Leeruitkoms 3

#### **GESKIEDKUNDIGE INTERPRETASIE**

Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Reageer op stories oor die verlede (bv. luister na 'n storie oor die verlede en lewer kommentaar [interpretasie van bronne]).





## Graad 1



### Leeruitkoms 1

#### **GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK**

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beantwoord eenvoudige vrae oor stories oor die verlede [beantwoord die vraag].
- Vertel stories oor die verlede oor, skryf kort sinne oor die verlede met leiding, teken prente, maak modelle en doen opvoerings [dra die antwoord oor].

## Graad 2



### Asseseringstandaarde

*Die leerder vra “wat”-, “wanneer”- en “waar”-vrae oor aspekte van die verlede.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verkry inligting uit geskiedkundige bronne wat deur die onderwyser verskaf word (bv. prente, foto’s, voorwerpe, mense) [werk met bronne].
- Beantwoord eenvoudige vrae oor stories oor die verlede [beantwoord die vraag].
- Beskryf aspekte van die verlede wat uit bronne geleer is, mondelings en in kort sinne, maak modelle, skep prente, doen opvoerings en dans [dra die antwoord oor].

## Graad 3



### Asseseringstandaarde

*Die leerder vra “wat”-, “wanneer”-, “waar”- en “waarom”-vrae oor aspekte van die verlede.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verkry inligting uit geskiedkundige bronne (bv. eenvoudige geskrewe verslae, visuele bronne, voorwerpe) [werk met bronne].
- Beantwoord vrae oor aspekte van die verlede [beantwoord die vraag].
- Beskryf aspekte van die verlede mondelings en in sinne, bespreek stories en gebeurtenisse uit die verlede as klas of in klein groepies, maak modelle, skep prente, ens. [dra die antwoord oor].

## Graad 1



### Leeruitkoms 2

#### **GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

**Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.**



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf eie en ander mense se ervarings in die verlede en die hede [chronologie en tyd].
- Vergelyk eie ouderdom met ander se ouderdom en verduidelik begrippe soos oud, jonk, ouer as, jonger as [chronologie en tyd].

## Graad 2



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan die verskil tussen die verlede en die hede, toe en nou [chronologie en tyd].
- Verduidelik begrippe soos oud, nuut, verlede, hede, toekoms [chronologie en tyd].

## Graad 3



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Rangskik gebeurtenisse en voorwerpe in volgorde om 'n gevoel van tydsverloop te ontwikkel [chronologie en tyd].
- Gee eenvoudige redes vir gebeurtenisse in die verlede [oorsaak en gevolg].
- Beskryf en tref vergelykings deur prente en voorwerpe te gebruik [ooreenkoms en verskil].

## Graad 1



### Leeruitkoms 3

#### **GESKIEDKUNDIGE INTERPRETASIE**

Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Reageer op stories oor die verlede (bv. luister na 'n storie oor die verlede en lewer kommentaar) [interpretasie van bronne].
- Begin om tussen fantasie en die werklikheid te onderskei [interpretasie van bronne].
- Kies en gesels oor 'n voorwerp wat die verlede voorstel (bv. 'n foto of 'n voorwerp in die huis wat vir sosiale of kulturele bedrywighede gebruik word) [stel die verlede voor].

## Graad 2



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vertel 'n storie oor mense en gebeurtenisse in die verlede oor [interpretasie van bronne].
- Begin om tussen fantasie en die werklikheid te onderskei [interpretasie van bronne].
- Kies, beskryf en gesels oor 'n voorwerp wat die verlede voorstel (bv. 'n foto of prent van grootouers of 'n voorwerp wat vir kulturele bedrywighede of vir 'n spesifieke doel gebruik word) [stel die verlede voor].

## Graad 3



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek en gee eie mening oor stories oor en gebeurtenisse in die verlede [interpretasie van bronne].
- Hanteer, bekyk en teken voorwerpe uit die verlede en die hede [stel die verlede voor].
- Identifiseer, wys en bespreek voorwerpe wat eie en gesin of familie se verlede voorstel [stel die verlede voor].

## AARDRYKSKUNDE

### Inleiding

Leerders in die Grondslagfase behoort in staat te wees om basiese ruimtelike en sosiale geletterdheidsvaardighede te ontwikkel deur eenvoudige vrae te stel, verduidelikings te soek, waarnemings te beskryf en belangrike plekke en hulpbronne in die plaaslike gebied of streek te identifiseer. Hulle moet ook in staat wees om eenvoudige aardrykskundige terme te identifiseer en te gebruik om aardrykskundige kenmerke en begrippe te beskryf. Leerders word aangemoedig om hul idees en waarnemings deur tekeninge en eenvoudige stories uit te druk en sodoende van vraagstukke in die plaaslike omgewing bewus te raak. Hulle moet in staat wees om belangrike plekke en aardrykskundige kenmerke te identifiseer deur gepaste kaarte, foto's en woordeskat te gebruik.

Leeruitkoms 1 is ontwerp om 'n natuurlike integrasie en verbande tussen Geskiedenis en Aardrykskunde binne die Sosiale Wetenskappe-leerarea te vergemaklik. Natuurlike verbande bestaan ook tussen sommige van die assesseringstandaarde van die ander leeruitkomste, asook in die inhoudsvelde.

### LEERUITKOMSTE

#### Leeruitkomste vir die Grondslagfase



#### Leeruitkoms 1: Aardrykskundige Onderzoek

**Die leerder is in staat om onderzoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- die vind van bronne relevant vir die ondersoek;
- werk met die bronne – stel vrae, vind inligting en organiseer, ontleed en sintetiseer inligting;
- die beantwoording van vrae en die oorweging van praktiese optrede, waar moontlik;
- verslagdoening oor die bevindinge van die ondersoekproses deur verskillende kommunikasievaardighede te gebruik.



#### Leeruitkoms 2: Aardrykskundige Kennis en Begrip

**Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit die hantering en begrip van die volgende in:

- mense en plekke;
- mense en hulpbronne;
- mense en die omgewing.





### Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- identifisering van die vraagstuk;
- begrip van faktore wat die vraagstuk beïnvloed;
- die maak van keuses, die neem van besluite of die verskaffing van alternatiewe.

#### Kennisfokus vir Graad R

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad R word weerspieël in:

- die verskil tussen behoeftes en begeertes;
- stories oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en waarom hierdie voorwerpe van waarde is;
- stories oor bekende plekke in die omgewing waar die leerder woon of plekke wat die leerder al besoek het;
- rigting (bv. links, regs, voor, agter, bo-op) en voorwerpe in verhouding tot die self en tot ander voorwerpe.

#### Kennisfokus vir Graad 1

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 1 word weerspieël in:

- veilige en onveilige plekke:
  - optrede wat gevaar verhoed,
  - waar en hoe om hulp te kry op verskillende plekke (bv. huis, skool, gemeenskap),
  - kontakbesonderhede – woonplek;
- mense se ervaring van plekke:
  - plekke waaraan hulle waarde heg en redes daarvoor,
  - stories oor die plekke waar ander mense lewe – in Afrika en op een ander vasteland;
- basiese behoeftes soos om te eet, asem te haal, te drink en skuiling te hê, en die hulpbronne wat help om in hierdie behoeftes te voorsien;
- voorwerpe in verhouding tot self en tot mekaar: belangrikheid, afstand, vorm, grootte, rigting, hoogte, breedte.

#### Kennisfokus vir Graad 2

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 2 word weerspieël in:

- 'n verskeidenheid soorte huise en die onmiddellike omgewing daarvan;
- beskikbaarheid van hulpbronne soos ruimte, water, elektrisiteit en vervoer;
- belangrike plekke in die leerder se gemeenskap en ooglopende fisiese kenmerke;
- die begrip hulpbron en die daaglikse gebruik van hulpbronne soos water, lug en energie (bv. hout, paraffien, steenkool, olie, elektrisiteit, kos);
- persoonlike vervoerroetes en kommunikasienetwerke vir verskillende doeleindes;
- moontlike optrede om plekke in die plaaslike omgewing te verbeter;
- prentkaarte van plekke wat belangrike kenmerke en verbindings tussen plekke aandui.

### Kennisfokus vir Graad 3

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 3 word weerspieël in:

- verskillende soorte landskappe soos plase, woongebiede, woude, natuurreservate, oop ruimtes, ontspanningsterreine;
- voorwerpe wat die leerder en gesin gereeld gebruik en die hulpbronne en prosesse waaruit dit verkry word;
- ligging van plekke op eenvoudige kaarte en die posisie van plekke in verhouding tot mekaar (bv. strand, berg, rivier);
- verandering in die plaaslike omgewing:
  - geboue, paaie, huise en ander infrastruktuur,
  - natuurlike kenmerke;
- die begrip besoedeling en die breë uitwerking daarvan;
- die bestuur van afval – begrippe betreffende die vermindering, herwinning en hergebruik van afval;
- rigting – die vier windstreke.

### ASSESSERINGSTANDAARDE

#### Let Wel:

- Onderwysers moet onthou dat nie alle leerders graad R bygewoon het nie. Begrippe, vaardighede en strategieë vir graad R moet dus in graad 1 onderrig en vasgelê word.
- Die ondersoekprosesse in Geskiedenis en Aardrykskunde skakel nou met mekaar in Leeruitkoms 1; hierdie leeruitkoms dien as grondslag vir die ondersoekprosesse in Leeruitkoms 2 en 3. Die belangrikste ondersoekprosesse vir hierdie fase verskyn hierbo, saam met die leeruitkomste. Verwysings na hierdie ondersoekprosesse word binne die assesseringstandaarde gegee en verskyn tussen vierkante hakies – byvoorbeeld: [vind bronne].
- Dit is noodsaaklik om enige ondersoekproses met kernvrae te begin. Sommige kernvrae – wat deur die onderwyser en/of die leerder gevra moet word – verskyn dus saam met die assesseringstandaarde vir Leeruitkoms 1. (Die kernvrae is in skuinsdruk.) *Hierdie vrae is bedoel om as riglyne te dien en is nie veronderstel om geassesseer te word nie.*



## Graad R



### Leeruitkoms 1

#### **AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK**

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

(Daar is geen asseseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad R nie.)

## Graad R



### Leeruitkoms 2

#### **AARDRYKSKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Bespreek persoonlike ervaring van bekende plekke [mense en plekke].

## Graad R



### Leeruitkoms 3

#### **VERKENNING VAN VRAAGSTUKKE**

Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.



### Assesseringstandaarde

(Daar is geen assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad R nie.)



## Graad 1



### Leeruitkoms 1

#### AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

*Waar is belangrike dinge in die plaaslike gebied geleë?*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dui rigting en posisie van voorwerpe in verhouding tot self aan (bv. links, regs, voor, agter) [beantwoord die vraag].



## Graad 2



## Asseseringstandaarde

*Hoe vergelyk verskillende plekke met mekaar?*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem waar en teken op wat mense op verskillende plekke doen [werk met bronne].
- Identifiseer en beskryf belangrike kenmerke van plekke in die plaaslike konteks [beantwoord die vraag].

## Graad 3



## Asseseringstandaarde

*Met leiding, vra die leerder “waar”-, “waarom”-, “wat”- en “hoe”-vrae oor mense en plekke in ’n spesifieke konteks.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vind inligting oor mense en plekke deur ’n verskeidenheid bronne te gebruik [vind bronne].
- Verbind inligting met plekke op eenvoudige kaarte, aardbolle, tekeninge, foto’s en diagramme [werk met bronne].
- Beantwoord vrae oor kernkenmerke van mense, plekke, hulpbronne en veranderinge in die omgewing [beantwoord die vraag].
- Gebruik simbole en identifiseer basiese kenmerke van ’n plek op ’n eenvoudige kaart [dra die antwoord oor].

## Graad 1



### Leeruitkoms 2

#### **AARDRYKSKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf eie ervaring van 'n plek, en vergelyk dit met iemand anders se ervaring van 'n soortgelyke of verskillende plek [mense en plekke].
- Beskryf eie voorkeure en afkeure omtrent 'n plaaslike gebied of plek [mense en die omgewing].

## Graad 2



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf kernkenmerke van verskillende plekke, insluitend mense se wisselwerking met die plekke [mense en plekke].
- Identifiseer sommige beskikbare hulpbronne wat in die plaaslike gebied gebruik word (bv. water, minerale) en verduidelik waarvandaan dit kom [mense en hulpbronne].
- Identifiseer en beskryf verbindings en netwerke in die plaaslike omgewing (bv. vervoerroetes) [mense en die omgewing].

## Graad 3



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Neem waar en noem verskillende maniere waarop grond in die plaaslike gebied gebruik word en vergelyk dit met voorbeelde uit ander plekke [mense en plekke].
- Verduidelik waar in die plaaslike gebied verskillende produkte gemaak en gekweek word en hoe dit gebruik word [mense en hulpbronne].
- Beskryf hoe en waarom plekke in die plaaslike omgewing verander [mense en die omgewing].

## Graad 1



### Leeruitkoms 3

#### VERKENNING VAN VRAAGSTUKKE

Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en beskryf vraagstukke wat eie gesondheid of veiligheid in die skool- en/of huisomgewing affekteer [die vraagstuk].
- Identifiseer die faktore wat sekere plekke in die skool- en/of huisomgewing skadelik of onveilig maak [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel maniere voor om eie gesondheid of veiligheid te verbeter deur oplossings of alternatiewe aan die hand te doen wat die gevaar vir eie gesondheid of veiligheid sal verminder [maak keuses].

## Graad 2



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en beskryf omgewingsvraagstukke op die plek waar die leerder woon of skoolgaan [die vraagstuk].
- Beskryf die faktore wat tot die probleem of vraagstuk aanleiding gee [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Identifiseer die uitwerking van die vraagstuk op die plek en op mense (huis, skool, omgewing) [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel voor wat gedoen kan word om die probleem op te los en die plek waar die leerder woon of skoolgaan, te verbeter [maak keuses].

## Graad 3



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer een of meer besoedelingsvraagstukke in 'n spesifieke konteks (bv. die vermorsing van water, energie of fisiese hulpbronne; veilige wegdoen van afval of chemikalieë) [die vraagstuk].
- Beskryf die faktore in die plaaslike konteks wat tot die besoedelingsprobleem aanleiding gee [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Identifiseer die uitwerking van die besoedeling op die plaaslike omgewing [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel maniere voor om die besoedelingsprobleem wat ondersoek word, te verminder [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel oplossings voor om die besoedelingsprobleem wat ondersoek word, te verminder [maak keuses].



## HOOFSTUK 3

### INTERMEDIËRE FASE

#### (Graad 4-6)

## GESKIEDENIS

### Inleiding

Leerders in die Intermediêre Fase kan gebeurtenisse, mense en veranderinge binne ’n chronologiese raamwerk plaas deur terme wat met tyd verband hou, soos “VHJ” (voor die huidige jaartelling) en “eeu” te gebruik. Deur verskillende soorte bronne wat inligting oor die verlede verskaf te kies en te kry, kan leerders inligting opteken, organiseer en kategoriseer. Hulle begin om tussen menings, feite en inligting te onderskei. Nie alleen gee hulle redes vir gebeurtenisse nie, maar hulle kan ook die gevolge van ’n gebeurtenis verduidelik (byvoorbeeld hoe die gebeurtenis mense se lewens geaffekteer het).

Leerders begin ooreenkomste en verskille tussen lewenswyses op verskillende plekke ondersoek, en waarom sommige aspekte van die samelewing oor tyd heen verander het, maar nie ander nie. Hulle begin verskillende standpunte oor die verlede herken en vergelyk weergawes van die verlede. Leerders begin ’n aktiewe bydrae tot die saamstel van ’n skool- of gemeenskapsargief en ’n projek oor mondelinge geskiedenis lewer.

Leeruitkoms 1 is ontwerp om ’n natuurlike integrasie en verbande tussen Geskiedenis en Aardrykskunde binne die Sosiale Wetenskappe-leerarea te vergemaklik. Natuurlike verbande bestaan ook tussen sommige van die assesseringstandaarde van die ander leeruitkomste, asook in die inhoudsvelde.

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkomste vir die Intermediêre Fase



#### Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek

**Die leerder is in staat om onderzoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- die vind van hulpbronne;
- werk met bronne – stel vrae, vind inligting en organiseer, ontleed en sintetiseer inligting;
- die skryf van ’n stuk geskiedenis (beantwoord ’n vraag);
- die oordra van geskiedkundige kennis en begrip (dra ’n antwoord oor).



## Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip

**Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit die hantering en begrip van die volgende in:

- chronologie en tyd;
- oorsaak en gevolg;
- ooreenkoms en verskil.



## Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie

**Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- interpretasie gebaseer op geskiedkundige bronne;
- begrip dat daar kwessies is wat interpretasie beïnvloed;
- interpretasie van die openbare voorstelling van die verlede, argeologie en herinneringe.

## Kennisfokus vir Graad 4

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomst in graad 4 word weerspieël in:

- Die geskiedenis van die plaaslike gebied of distrik:
  - mense, plekke, hulpbronne, oortuigings in verband met natuurlike kenmerke, geboue, die skool, terreine, simbole en monumente, museums;
  - mondelinge geskiedenis en tradisie: vind uit oor plekname, name van riviere, berge en ander bakens en inheemse omgewingsgebruike;
  - mense as geskiedkundige bronne: onderhoude met lede van die gemeenskap;
  - stories oor gesinne, families en gemeenskappe wat menslike waardes van besorgdheid vir ander, oorwinning oor struikelblokke, weerstand teen dit wat verkeerd is en 'n waardering vir menseregte uitdruk.
- Leer van leiers op alle gebiede van die lewe:
  - wat maak 'n goeie of groot leier;
  - stories van leiers uit Suid-Afrika en die wêreld oor tyd heen.
- Die geskiedenis van reis en vervoer oor tyd heen: van die vroegste maniere om goedere en mense te vervoer tot die modernste land-, see- en lugvervoer, insluitend die verskillende soorte vervoer se uitwerking op die omgewing.
- Breë geskiedkundige oorsig van die herkoms van belangrike wêreldgodsdienste teenwoordig in Suid-Afrika:
  - tradisionele Afrika-geloof;
  - Judaïsme;
  - die Christelike godsdiens;
  - Hindoeïsme;



- Islam;
  - Boeddhisme.
- Demokrasie en menseregte in die skool en die gemeenskap.

### Kennisfokus vir Graad 5

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomstes in graad 5 word weerspieël in:

- Vroeë beskawings:
  - 'n vroeë Afrika-beskawing: Egipte/Nubië; en
  - een voorbeeld uit die res van die wêreld:
    - ▶ Mesopotamië,
    - ▶ Indusrieviervallei,
    - ▶ China,
    - ▶ die Amerikas;
  - waar hierdie beskawings voorgekom het en waarom hulle juis daar voorgekom het;
  - die belangrikste eienskappe van hierdie samelewings (bv. die rol van die omgewing in die vorming van die samelewing, die gebruik van hulpbronne, landbou, die ontwikkeling van stede, handel, kommunikasie, geloofstelsels).
- Vroeë Suid-Afrikaanse samelewings tot 1600: hoe die omgewing hierdie samelewings gevorm het, sosiale organisasie, gepaste tegnologie, stories wat geloofstelsels, samewerking en konflik ondersoek:
  - swerwerjagtersamelewings;
  - veewagters;
  - Afrika-boere.
- Provinsiale geskiedenis:
  - erfenis en identiteit;
  - tradisie en inheemse kennis: vind uit oor plekname, name van riviere, berge en ander bakens en inheemse omgewingsgebruike;
  - provinsiale regering en simbole;
  - die rol van demokraties verkose leiers;
  - hoe om aan 'n demokrasie deel te neem.

### Kennisfokus vir Graad 6

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomstes in graad 6 word weerspieël in:

- Organisasie van Afrika-samelewings:
  - koninkryke van Suider-Afrika: Mapungubwe, Thulamela, Groot-Zimbabwe;
  - vee, goud, ivoor en yster.
- Verkenning, benutting en uitbuiting vanaf die veertiende eeu en verder:
  - vroeë kartering: voorstellings van Afrika;
  - wetenskap en tegnologie: ondersoek bydraes uit verskillende wêrelddele;

- voorbeelde van verkenning uit Europa, Asië, die Amerikas en Afrika, en die uitwerking daarvan op inheemse mense.
- Die geskiedenis van medisyne:
  - belangrike mediese ontdekkings;
  - inheemse medisyne en tradisionele genesing.
- Demokrasie in Suid-Afrika:
  - Wat is demokrasie?
  - Hoe word Suid-Afrika regeer?
  - nasionale simbole soos die landswaapen en die volkslied;
  - die Handves van Kinderregte;
  - die Aardemanifes.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

In die volgende afdelings verskyn die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir graad R tot 3.

### Let Wel:

- Die ondersoekprosesse in Geskiedenis en Aardrykskunde skakel nou met mekaar in Leeruitkoms 1; hierdie leeruitkoms dien as grondslag vir die ondersoekprosesse in Leeruitkoms 2 en 3. Die belangrikste ondersoekprosesse vir hierdie fase verskyn hierbo, saam met die leeruitkomste. Verwysings na hierdie ondersoekprosesse word binne die assesseringstandaarde gegee en verskyn tussen vierkante hakies – byvoorbeeld: [vind bronne].
- Dit is noodsaaklik om enige ondersoekproses met kernvrae te begin. Sommige kernvrae – wat deur die onderwyser en/of die leerder gevra moet word – verskyn dus saam met die assesseringstandaarde vir Leeruitkoms 1. (Die kernvrae is in skuinsdruk.) *Hierdie vrae is bedoel om as riglyne te dien en is nie veronderstel om geassesseer te word nie.*



## Graad 4



### Leeruitkoms 1

#### **GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK**

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

*Die leerder stel vrae oor aspekte van die verlede deur voorwerpe, prente, geskrewe bronne, geboue, museumuitstallings en mense (mondelinge geskiedenis) te gebruik.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Teken inligting uit 'n verskeidenheid bronne op en organiseer dit (bv. mondelinge, geskrewe en visuele bronne, insluitend kaarte, grafieke en tabelle, voorwerpe, geboue, monumente, museums) [werk met bronne].
- Gebruik inligting uit bronne om vrae oor mense, gebeurtenisse, voorwerpe en plekke in die verlede te beantwoord [beantwoord die vraag].
- Dra kennis en begrip op verskeie maniere oor, insluitend deur bespreking, die skryf van 'n paragraaf, die saamstel van 'n boek, 'n collage, plakkaat, kunswerk, drama, dans en musiek [dra die antwoord oor].

## Graad 5



## Asseseringstandaarde

*Die leerder stel vrae oor aspekte van die verlede, hede en toekoms deur voorwerpe, prente, geskrewe bronne, geboue, museumuitstallings en mense (mondellinge geskiedenis) te gebruik.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Kies, met leiding, bronne wat nuttig is om inligting oor die verlede te vind (bv. mondelinge, geskrewe en visuele bronne, insluitend kaarte, grafieke en tabelle, voorwerpe, geboue, monumente, museums) [vind bronne].
- Teken inligting uit 'n verskeidenheid bronne op en kategoriseer dit (bv. mondelinge, geskrewe en visuele bronne, insluitend kaarte, grafieke en tabelle, voorwerpe, geboue, monumente, museums) [werk met bronne].
- Gaan voort om inligting uit bronne te gebruik om vrae oor mense, gebeurtenisse, voorwerpe en plekke in die verlede te beantwoord [beantwoord die vraag].
- Dra kennis en begrip op verskeie maniere oor, insluitend deur geskiedkundige inligting in kort paragrawe, eenvoudige grafieke, kaarte, diagramme, kunswerk, plakkate, drama, dans en musiek aan te bied; gebruik inligtingstechnologie waar beskikbaar en gepas [dra die antwoord oor].

## Graad 6



## Asseseringstandaarde

*Die leerder stel vrae oor aspekte van die verlede, hede en toekoms deur voorwerpe, prente, geskrewe bronne, geboue, museumuitstallings en mense (mondellinge geskiedenis) te gebruik.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer bronne om die vraag oor die onderwerp te help beantwoord (bv. mondelinge, geskrewe en visuele bronne, insluitend kaarte, grafieke en tabelle, voorwerpe, geboue, monumente, museums) [vind bronne].
- Kies en teken relevante inligting vir spesifieke doeleindes uit 'n verskeidenheid bronne op (bv. mondelinge, geskrewe en visuele bronne, insluitend kaarte, grafieke en tabelle, voorwerpe, geboue, monumente, museums) [werk met bronne].
- Rangskik inligting logies en chronologies deur vrae oor mense, gebeurtenisse, voorwerpe en plekke in die verlede te beantwoord [beantwoord die vraag].
- Dra geskiedkundige kennis en begrip deur bespreking en geleide debatvoering oor, en deur gestruktureerde skryfwerk, grafieke, tabelle, kaarte, diagramme, drama en dans te gebruik; gebruik inligtingstechnologie waar beskikbaar en gepas [dra die antwoord oor].

## Graad 4



### Leeruitkoms 2

#### **GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

**Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.**



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik algemene woorde en frases met betrekking tot tydsverloop (bv. oud, nuut, voor, na, maande, jare) [chronologie en tyd].
- Gee redes vir en verduidelik die gevolge van mense se optrede in die verlede in 'n gegewe konteks [oorsaak en gevolg].
- Identifiseer ooreenkomste en verskille tussen destydse en huidige maniere om dinge in 'n gegewe konteks te doen [ooreenkoms en verskil].

## Graad 5



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik datums en terme met betrekking tot tydsverloop (bv. dekade, eeu) en rangskik dit in volgorde [chronologie en tyd].
- Gee redes vir en verduidelik die gevolge van gebeurtenisse wat mense se lewenswyse in 'n gegewe konteks verander het [oorsaak en gevolg].
- Identifiseer ooreenkomste en verskille tussen lewenswyses in verskillende tydperke op verskillende plekke [ooreenkoms en verskil].

## Graad 6



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Plaas gebeurtenisse, mense en veranderinge op 'n tydlyn wat terme soos “v.C.”, “n.C.” en “VHJ” (voor die huidige jaartelling) insluit [chronologie en tyd].
- Gee redes vir en verduidelik die gevolge van belangrike gebeurtenisse en veranderinge in meer as een konteks [oorsaak en gevolg].
- Identifiseer, in meer as een konteks, sommige aspekte van die samelewing wat oor tyd heen verander het en sommige wat dieselfde gebly het [ooreenkoms en verskil].

## Graad 4



### Leeruitkoms 3

#### **GESKIEDKUNDIGE INTERPRETASIE**

Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Herken dat daar twee standpunte oor dieselfde gebeurtenis in die verlede kan wees [interpretasie van bronne].
  
- Kies belangrike voorwerpe wat 'n aspek van die bestudeerde plaaslike gebied se verlede voorstel en gee redes vir keuse [voorstelling van die verlede].



## Graad 5



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Herken dat daar meer as een weergawe van 'n geskiedkundige gebeurtenis kan wees (bv. dat daar twee verskillende beskrywings van dieselfde storie kan wees) [interpretasie van bronne].
- Identifiseer en kies voorwerpe wat 'n aspek van die bestudeerde plaaslike gebied se verlede voorstel as bydrae vir 'n klasuitstalling of skoolmuseum [voorstelling van die verlede].

## Graad 6



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vergelyk twee weergawes van 'n geskiedkundige gebeurtenis deur visuele of geskrewe bronne te gebruik [interpretasie van bronne].
- Onderskei tussen menings en feite en inligting [interpretasie van bronne].
- Identifiseer en kies voorwerpe wat 'n aspek van die bestudeerde plaaslike gebied se verlede voorstel as bydrae vir 'n klasuitstalling, skoolmuseum of gemeenskapsargief [voorstelling van die verlede].

## AARDRYKSKUNDE

### Inleiding

Leerders in die Intermediêre Fase word aangemoedig om belangrike vrae oor die omgewing en hulpbronne te stel en om gepaste antwoorde te vind, oplossings voor te stel en besluite te neem. Leerders moet in staat wees om eenvoudige beskrywings te skryf, vergelykings aan te bied, standpunte te stel en hul persoonlike mening oor die verband tussen die omgewing en menslike bedrywighede te lug. Veldwerk is 'n belangrike leergeleentheid in hierdie fase; leerders word aangemoedig om dinge “met hul eie oë te sien” en om inligting waar te neem en op te teken. Daar word ook van leerders verwag om inligting te sorteer, as lyste weer te gee, te beskryf, te vergelyk en toe te pas deur die gebruik van eenvoudige grafieke, kaarte en prente waardeur hulle hul begrip en kennis van die omgewing, hulpbronne en sosiale vraagstukke oordra. Leerders word verder aangemoedig om op maniere deel te neem wat tot 'n volhoubare sosiale en biofisiese omgewing sal bydra.

Leeruitkoms 1 is ontwerp om 'n natuurlike integrasie en verbande tussen Geskiedenis en Aardrykskunde binne die Sosiale Wetenskappe-leerarea te vergemaklik. Natuurlike verbande bestaan ook tussen sommige van die assesseringstandaarde van die ander leeruitkomste, asook in die inhoudsvelde.

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkomste vir die Intermediêre Fase



#### Leeruitkoms 1: Aardrykskundige Onderzoek

**Die leerder is in staat om onderzoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- die vind van bronne relevant vir die ondersoek;
- werk met die bronne – stel vrae, vind inligting en organiseer, ontleed en sintetiseer inligting;
- die beantwoording van vrae en die oorweging van praktiese optrede, waar moontlik;
- verslagdoening oor die bevindinge van die ondersoekproses deur verskillende kommunikasievaardighede te gebruik.



#### Leeruitkoms 2: Aardrykskundige Kennis en Begrip

**Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit die hantering en begrip van die volgende in:

- mense en plekke;
- mense en hulpbronne;
- mense en die omgewing.



### Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- identifisering van die vraagstuk;
- begrip van faktore wat die vraagstuk beïnvloed;
- die maak van keuses, die neem van besluite of die verskaffing van alternatiewe.

### Kennisfokus vir Graad 4

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 4 word weerspieël in:

- Nedersettingskenmerke:
  - soorte geboue;
  - paaie;
  - soorte fasiliteite;
  - sakeondernemings;
  - nywerhede;
  - klassifikasie (stedelik, plattelands);
  - funksies van nedersetting;
  - omvang van nedersettingsgrootte (dorp, dorp, stad).
- Hulpbronne en dienste in 'n nedersetting (bv. grond, water, riolering, afvaldienste, onderwys, mediese dienste, groen/oop ruimtes) en die probleme wat mense sonder toegang tot hulpbronne en dienste ervaar.
- Voedselproduksie in Suid-Afrika:
  - bestaans- en kommersiële boerdery;
  - belangrikste gewasse wat gekweek word en diere wat geteel word (insluitend die visnywerheid) in Suid-Afrika;
  - ligging en prosesse.
- Toegang tot kos en water:
  - gevolge van 'n gebrek aan toegang tot kos en behoorlike voeding;
  - vroeëre en huidige maniere om kos en water in verskillende kontekste te verkry;
  - die verstandige gebruik en bestuur van hierdie hulpbronne.
- Kaartwerk:
  - kaartsimbole en -sleutel, planaansigte, ruitenetstelsels en -verwysings, rigtings (agt windstreke), reliëf- en staatkundige kenmerke op grootskaalkaarte;
  - kaart van Suid-Afrika met provinsies;
  - 'n basiese wêreldkaart (met vastelandse en oseane);
  - die volgende begrippe: vastelande, oseane, lande, provinsies, hoofstede en grense.

### **Kennisfokus vir Graad 5**

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 5 word weerspieël in:

- Die fisiese struktuur van Suid-Afrika:
  - ligging van fisiese kenmerke: berge, hoëveldplato, kusvlaktes, riviere en ander kenmerke van die landskap, ook oseane;
  - die verband tussen fisiese kenmerke en menslike bedrywighede, insluitend maniere waarop menslike bedrywighede die fisiese landskap verander.
- Klimaatstreke van Suid-Afrika en elkeen se temperatuur, reënval en plantegroei, asook die verband tussen ekonomiese bedrywighede en nedersetting.
- Hulpbronne:
  - die verband tussen natuurlike hulpbronne en ekonomiese bedrywighede (soos mynbou en nywerhede) in Suid-Afrika, asook die uitwerking van hierdie aktiwiteite op nedersettings in die hede en die verlede;
  - hernubare en nie-hernubare hulpbronne: gebruik en misbruik van natuurlike hulpbronne in Suid-Afrika, met 'n fokus op water- en energiehulpbronne.
- Bevolking: verspreidings- en digtheidspatrone in Suid-Afrika, asook natuurlike en maatskaplike faktore (soos gedwonge verskuiwings) wat 'n uitwerking daarop het.
- Gesondheid en welsyn:
  - verspreiding van siektes: soorte siektes, insluitend cholera, malaria en ander soos tuberkulose en siektes wat met mynbou verband hou;
  - ondersoek waarom sommige mense meer as ander aan gevaar blootgestel is;
  - maniere om gevare wat met siekte gepaardgaan te verminder (soos om siektes op te doen en te versprei), voorsorgmaatreëls en voorkomende optrede.
- Kaartwerk: veldsketse, die teken van kaarte, die gebruik van 'n indeks, kaartskaal, kruisverwysing van inligting op verskillende kaarte.

### **Kennisfokus vir Graad 6**

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 6 word weerspieël in:

- Bevolkingsverspreiding en -digtheid op 'n wêreldskaal: identifiseer belangrike stede, streke, lande en tref vergelykings.
- Klimaat- en plantegroeiastreke van die wêreld: koue en warm klimate, temperatuur- en reënvaltoestande, biome; die verband tussen klimaatstreke en bevolkingsverspreiding en die gebruik van hulpbronne in hierdie streke.
- Handel en ontwikkeling: maniere waarop primêre produkte en die benutting van hulpbronne en arbeid in

ontwikkelende lande die ekonomieë van ryk, ontwikkelde lande ondersteun; handel in grondstowwe (uit die Suide) en eindprodukte (uit die Noorde).

- Ontwikkelingsvraagstukke:
  - oorsake van armoede, soos uitbuiting, minagting van menseregte, omgewingsvernietiging, gebrek aan toegang tot hulpbronne en ander geleenthede, werkloosheid;
  - gevallestudies van positiewe ontwikkelingsprojekte wat maniere uitbeeld om hulpbronne te deel en armoede te verminder.
- Omgewingsvraagstukke: samelewings se bydrae tot die verlies aan biodiversiteit, soos die verdwyning van moeraslande, gronderosie, ontbossing en die uitwissing van plante en diere.
- Kaartwerk: die bepaling van ligging met gebruik van breedteligging en lengteligging (grade en minute), basiese kaartprojeksies, en die ligging van verskillende lande, belangrike stede en handels- of lugroetes.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

In die volgende afdelings verskyn die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir graad R tot 3.

### Let Wel:

- Die ondersoekprosesse in Geskiedenis en Aardrykskunde skakel nou met mekaar in Leeruitkoms 1; hierdie leeruitkoms dien as grondslag vir die ondersoekprosesse in Leeruitkoms 2 en 3. Die belangrikste ondersoekprosesse vir hierdie fase verskyn hierbo, saam met die leeruitkomste. Verwysings na hierdie ondersoekprosesse word binne die assesseringstandaarde gegee en verskyn tussen vierkante hakies – byvoorbeeld: [vind bronne].
- Dit is noodsaaklik om enige ondersoekproses met kernvrae te begin. Sommige kernvrae – wat deur die onderwyser en/of die leerder gevra moet word – verskyn dus saam met die assesseringstandaarde vir Leeruitkoms 1. (Die kernvrae is in skuinsdruk.) *Hierdie vrae is bedoel om as riglyne te dien en is nie veronderstel om geassesseer te word nie.*

## Graad 4



### Leeruitkoms 1

#### AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

*Die leerder stel vrae oor die ligging van aardrykskundige kenmerke op verskillende skale.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer inligting uit verskillende bronne (kaarte, atlasse, boeke) [vind bronne].
- Organiseer inligting onder gegewe hofies [werk met bronne].
- Identifiseer simbole wat in verskillende soorte kaarte gebruik word (insluitend planaansigte, ruitenet- en kaartsleutels) [werk met bronne].
- Vind plekke se ligging deur 'n eenvoudige ruitenetverwysingstelsel en rigting te gebruik [werk met bronne].
- Identifiseer belangrike staatkundige grense en belangrike menslike en fisiese kenmerke op grootskaalkaarte [werk met bronne].
- Gebruik inligting uit bronne (insluitend eie waarnemings) om vrae oor mense en plekke te beantwoord (bv. "Waarom is dit so?") [beantwoord die vraag].
- Gebruik aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -terme om op verskillende maniere verslag te doen oor ondersoeke (bv. skryf 'n paragraaf, gebruik 'n plakkaat, kunswerk) [dra die antwoord oor].

## Graad 5



## Asseseringstandaarde

*Die leerder stel vrae oor die ligging van aardrykskundige kenmerke op 'n provinsiale en nasionale skaal.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Kies en gebruik, met leiding, bronne met nuttige aardrykskundige inligting (insluitend grafieke, kaarte en veldwerk buite die klas) [vind bronne].
- Onderskei tussen feite en menings [werk met bronne].
- Kategoriseer inligting [werk met bronne].
- Teken sketskaarte en/of planne na aanleiding van veldwaarneming en afmetings [werk met bronne].
- Gebruik 'n indeks om plekke op wêreldatlaskaarte te vind [werk met bronne].
- Identifiseer en ondersoek moontlike oplossings vir probleme [beantwoord die vraag].
- Toon, deur projekte, bespreking, debat en diagramme, kennis en begrip van die vraagstuk [dra die antwoord oor].

## Graad 6



## Asseseringstandaarde

*Die leerder stel vrae ten einde 'n vraagstuk of probleem te begin ondersoek.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer inligtingsbronne, insluitend eenvoudige statistiek, om die vraag oor 'n maatskaplike of omgewingsvraagstuk of -probleem te help beantwoord [vind bronne].
- Kies relevante inligting uit bronne vir spesifieke doeleindes en teken dit op (insluitend optekening en waarneming in die veld) [werk met bronne].
- Gebruik breedte- en lengteligging (grade en minute) om relevante plekke op kaarte te vind [werk met bronne].
- Gebruik inligting om oplossings vir probleme voor te stel [beantwoord die vraag].
- Doen verslag oor ondersoek deur bespreking, debat, gestruktureerde skryfwerk, grafieke, tabelle, kaarte en diagramme [dra die antwoord oor].

## Graad 4



### Leeruitkoms 2

#### **AARDRYKSKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

**Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.**



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf die kenmerke van die plaaslike nedersetting, insluitend grondgebruik, en vergelyk dit met voorbeelde uit ander plekke [mense en plekke].
- Beskryf die belangrikheid van toegang tot hulpbronne en dienste vir mense wat in nedersettings lewe [mense en hulpbronne].
- Beskryf hoe daar in die verlede in basiese menslike behoeftes voorsien is en hoe dit in die hede gebeur [mense en die omgewing].



## Graad 5



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en beskryf belangrike fisiese kenmerke van Suid-Afrika, insluitend dié van eie provinsie [mense en plekke].
- Identifiseer die skakels tussen natuurlike hulpbronne en ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika [mense en hulpbronne].
- Beskryf maniere waarop die fisiese omgewing menslike bedrywighede beïnvloed en hoe menslike bedrywighede die fisiese omgewing beïnvloed [mense en die omgewing].

## Graad 6



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verduidelik waarom meer mense op sommige plekke as op ander lewe [mense en plekke].
- Identifiseer hoe toegang tot verskillende soorte hulpbronne ontwikkeling op verskillende plekke beïnvloed [mense en hulpbronne].
- Beskryf sommige maniere waarop die samelewing die omgewing verander het [mense en die omgewing].

## Graad 4



### Leeruitkoms 3

#### VERKENNING VAN VRAAGSTUKKE

Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer vraagstukke wat met hulpbronne en dienste in 'n spesifieke konteks gepaardgaan [identifiseer die vraagstuk].
- Identifiseer faktore wat veroorsaak dat sommige mense in 'n spesifieke konteks groter toegang tot hulpbronne as ander het [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel maniere voor om toegang tot hulpbronne in 'n spesifieke konteks te verbeter [maak keuses].

## Graad 5



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer uitdagings vir samelewings en nedersettings, met 'n fokus op die verspreiding van siekte [identifiseer die vraagstuk].
- Verduidelik die faktore wat veroorsaak dat sommige mense meer as ander aan die gevaar van siekte blootgestel is [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel die beste manier uit verskeie moontlikhede voor om die gevaar van siekte te verminder [maak keuses].

## Graad 6



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer ongelykhede binne en tussen samelewings [identifiseer die vraagstuk].
- Ontleed sommige van die faktore wat op verskillende aardrykskundige skale en op verskillende plekke tot maatskaplike en omgewingsongelykheid lei [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Evalueer optrede wat tot die deel van hulpbronne en die vermindering van armoede in 'n spesifieke konteks lei [maak keuses].



## HOOFSTUK 4

### SENIOR FASE

#### (Graad 7-9)

## GESKIEDENIS

### INLEIDING

Leerders in die Senior Fase kan geskiedkundige inligting in 'n historiese konteks verkry en plaas. Byvoorbeeld, hulle kan gebeurtenisse, mense en veranderinge binne 'n chronologiese raamwerk plaas in die tydperke in die geskiedenis wat hulle bestudeer het, hulle kan geldige gevolgtrekkings gegrond op vergelykings maak en hulle kan hierdie gevolgtrekkings met die geskiedkundige konteks daarvan in verband bring.

Leerders kan kategorieë van oorsake en gevolge identifiseer – soos onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge – en die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis verduidelik en ontleed. Hulle toon 'n kritieser begrip van die betroubaarheid en nut van hulpbronne (bv. hulle kan weglatings, partydigheid en stereotipes identifiseer), van geskiedkundige interpretasie (bv. die historikus se waardes en ondersoekmetodes) en van die gebruik en misbruik van die geskiedenis (bv. die invloed van ras, klas en geslag op die manier waarop geskiedenis geskryf is). Leerders is dus in staat om te verduidelik waarom geskiedenis nie neutraal of objektief is nie.

Hulle toon ook 'n kritiese kennis en begrip van verandering en vooruitgang, en van die oorsake en belangrikheid van gebeurtenisse. Aan die einde van hierdie fase behoort leerders geskiedkundige vraagstukke met groter selfvertroue te kan debatteer. Hulle moet ook goed gestruktureerde geskiedkundige vertellings, beskrywings en verduidelikings kan lewer, en hul eie interpretasie van bronne binne die konteks van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Universele Verklaring van Menseregte kan gee. Hulle kan geskiedenisprojekte begin (bv. projekte oor mondelinge geskiedenis en 'n gemeenskapsargief) deur verskillende beskikbare vorme van inligting te gebruik.

Leeruitkoms 1 is ontwerp om 'n natuurlike integrasie en verbande tussen Geskiedenis en Aardrykskunde binne die Sosiale Wetenskappe-leerarea te vergemaklik. Natuurlike verbande bestaan ook tussen sommige van die assesseringstandaarde van die ander leeruitkomste, asook in die inhoudsvelde.

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkomste vir die Senior Fase



#### Leeruitkoms 1: Geskiedkundige Onderzoek

**Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- die vind van hulpbronne;
- werk met bronne – stel vrae, vind inligting en organiseer, ontleed en sintetiseer inligting;
- die skryf van 'n stuk geskiedenis (beantwoord 'n vraag);
- die oordra van geskiedkundige kennis en begrip (dra 'n antwoord oor).



#### Leeruitkoms 2: Geskiedkundige Kennis en Begrip

**Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit die hantering en begrip van die volgende in:

- chronologie en tyd;
- oorsaak en gevolg;
- ooreenkoms en verskil.



#### Leeruitkoms 3: Geskiedkundige Interpretasie

**Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- interpretasie gebaseer op geskiedkundige bronne;
- begrip dat daar kwessies is wat interpretasie beïnvloed;
- interpretasie van die openbare voorstelling van die verlede, argeologie en herinneringe.

### Kennisfokus vir Graad 7

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 7 word weerspieël in:

- Menslike evolusie:
  - vroeë hominied-ontdekkings in Suid-Afrika en Oos-Afrika;
  - die ontwikkeling van die mens in Suider-Afrika;
  - rotskuns as 'n uitdrukking van die swerwerjagtersamelewing en hul wêreldbeskouing.
- 'n Breë oorsig van vroeë handelstelsels:
  - Indiese Oseaan en Oos-Afrika: Arabiese handel, Swahili-kusgemeenskappe, en skakels met Groot-Zimbabwe – negende tot sestiende eeu;

- Wes-Afrika en trans-Sahara-handel: sout, goud, slawe, en antieke handelsroetes, leersentrums, historiese verslaglewering – negende tot sestende eeu;
  - Europese handelstelsels in die Middeleeue – veertiende tot sestende eeu;
  - Nederlandse nedersetting, slawehandel in die Indiese Oseaan en slawerny aan die Kaap – sewentiende en agtiende eeu;
  - Afrika en die Atlantiese slawehandel – sestende tot negentiende eeu.
- Verskuiwende grense:
    - kontak, konflik en onteiening aan die Kaap se oostelike en noordelike grens in die negentiende eeu;
    - kontak, konflik en onteiening: grense in die Verenigde State van Amerika in die negentiende eeu.
  - Demokratiese stelsels: die Amerikaanse Rewolusie.

### Kennisfokus vir Graad 8

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 8 word weerspieël in:

- Veranderende wêreld: die Franse Rewolusie.
- Veranderende wêreld: industrialisering:
  - die Industriële Rewolusie in Brittanje: veranderende tegnologie, landbou en handel, benutting en uitbuiting en die nuwe wêreld van werk, vakbonde, die groei van stedelike gebiede, maatskaplike probleme en politieke regte;
  - industrialisering in Suid-Afrika: diamante en goud, en veranderende werk en lewens in Suid-Afrika op die myne, die platteland en in die stede (insluitend die Wet op Grondbesit van 1913);
  - suiker en arbeid in Natal;
  - vroeë vakbondbewegings.
- Weerstand teen Britse beheer:
  - voorbeelde kan die volgende insluit: die oorloë tussen die Zulus en die Britte, die Pedi en die Britte, of 'n streeksvoorbeeld;
  - die Suid-Afrikaanse Oorlog: wie was betrokke en hoe het dit hul lewens beïnvloed?
- Die ervaring van kolonialisme in die negentiende en twintigste eeu:
  - die Industriële Rewolusie en koloniale uitbreiding;
  - hoe samelewings in Afrika kolonialisme ervaar het en daarop gereageer het: 'n Britse, Belgiese of Portugese kolonie;
  - kolonialisme en die benutting en uitbuiting van hulpbronne.
- Veranderende idees en tegnologieë – die Eerste Wêreldoorlog:
  - hoe industrialisering, groeiende nasionalisme in Europa, en konflik oor kolonies tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog bygedra het;
  - loopgraafoorlog;
  - veranderende rolle: vroue in die Eerste Wêreldoorlog;
  - die uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog op Suid-Afrika.

## **Kennisfokus vir Graad 9**

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 9 word weerspieël in:

- Menseregte gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog:
  - Nazi-Duitsland: Hoe het die Nazi's 'n Ariese identiteit geskep? Hoe het die Nazi's hierdie "identiteit" gebruik om ander te definieer en uit te sluit? Hoe en waarom het die Groot Slagting van die Jode gebeur? Watter keuses het mense in Nazi-Duitsland gehad?
- Die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die stryd om menseregte:
  - Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte (insluitend misdade teen die mensdom);
  - Verenigde State van Amerika se burgerregtebeweging;
  - die stryd om menseregte en teen kolonialisme in Afrika.
- Apartheid in Suid-Afrika:
  - die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog;
  - wat was apartheid?
  - hoe het dit mense se lewens beïnvloed?
  - onderdrukking en weerstand teen apartheid in die 1950's (bv. die Versetveldtog, die Vryheidsmanifes en populêre kultuur);
  - onderdrukking en die gewapende stryd in die 1960's;
  - verdeel en heers: die rol van die tuislande;
  - onderdrukking en die groei van die massa- demokratiese bewegings in die 1970's en 1980's: eksterne en interne druk;
  - die bou van 'n nuwe identiteit in Suid-Afrika in die 1990's: onderhandelinge vóór 1994, die eerste demokratiese verkiesing en die Suid-Afrikaanse Grondwet.
- Die Kerntydperk en die Koue Oorlog:
  - Hirosjima en Nagasaki: die veranderende aard van oorlog;
  - ideologieë: kapitalisme en kommunisme;
  - die Verenigde State van Amerika teen die Sowjetunie as supermagte: die wapenwedloop, konflik oor gebied, die ruimtewedloop;
  - die val van kommunisme;
  - die val van apartheid.
- Vraagstukke van ons tyd:
  - die hantering van misdade teen die mensdom: apartheid en die Waarheids-en-Versoeningskommissie in vergelyking met die Nürnberg-verhoor;
  - xenofobie en menseslagting (bv. Rwanda, die Balkan);
  - die uitwerking van globalisering op Afrika.
- 'n Nuwe visie vir Afrika: Afrika se ekonomiese herstel.



## ASSESSERINGSTANDAARDE

### Let Wel:

- Die ondersoekprosesse in Geskiedenis en Aardrykskunde skakel nou met mekaar in Leeruitkoms 1; hierdie leeruitkoms dien as grondslag vir die ondersoekprosesse in Leeruitkoms 2 en 3. Die belangrikste ondersoekprosesse vir hierdie fase verskyn hierbo, saam met die leeruitkomste. Verwysings na hierdie ondersoekprosesse word binne die assesseringstandaarde gegee en verskyn tussen vierkante hakies – byvoorbeeld: [vind bronne].
- Dit is noodsaaklik om enige ondersoekproses met kernvrae te begin. Sommige kernvrae – wat deur die onderwyser en/of die leerder gevra moet word – verskyn dus saam met die assesseringstandaarde vir Leeruitkoms 1. (Die kernvrae is in skuinsdruk.) Hierdie vrae is bedoel om as riglyne te dien en is nie veronderstel om geassesseer te word nie.

## Graad 7



### Leeruitkoms 1

#### **GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK**

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

*Die leerder stel steeds vrae oor aspekte van die verlede en stel ook vrae om die ondersoek van 'n onderwerp te begin.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en kies 'n verskeidenheid geskiedkundige en argeologiese bronne relevant vir 'n ondersoek [vind bronne].
- Versamel en organiseer inligting uit verskeie bronne om bewyse oor aspekte van die verlede te verkry [werk met bronne].
- Interpreteer en vind inligting uit eenvoudige grafiese en statistiese bronne (bv. grafieke, bevolkingsyfers, sensusgewens en tabelle) [werk met bronne].
- Gebruik die inligting uit die bronne om weldeurdagte antwoorde op vrae aan te bied [beantwoord die vraag].
- Dra kennis en begrip oor deur argumente gegrond op bewyse uit die bronne in 'n debat, in langer historiese skryfstukke, kunswerk, grafika of drama te gebruik; gebruik inligtingstechnologie waar moontlik en gepas [dra die antwoord oor].

## Graad 8



## Asseseringstandaarde

*Die leerder stel steeds vrae oor aspekte van die verlede en stel ook vrae om die ondersoek van 'n onderwerp te begin.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gaan voort om 'n verskeidenheid geskiedkundige en argeologiese bronne relevant vir 'n ondersoek te identifiseer en te kies [vind bronne].
- Evalueer die bronne wat gebruik is (bv. “Wie het die bron geskep?”, “Is dit betroubaar?”, “Hoe nuttig is die inligting?”) [werk met bronne].
- Interpreteer grafiese en statistiese bronne [werk met bronne].
- Bied 'n oorspronklike idee as deel van 'n antwoord op 'n gestelde vraag aan [beantwoord die vraag].
- Dra kennis en begrip oor deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied (insluitend uitgebreide skryfwerk, kunswerk, grafika en drama); gebruik inligtingstegnologie waar moontlik en gepas [dra die antwoord oor].

## Graad 9



## Asseseringstandaarde

*Die leerder stel steeds vrae oor aspekte van die verlede en stel ook vrae om die ondersoek van 'n onderwerp te begin.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ondersoek 'n onderwerp deur kernvrae te stel en 'n verskeidenheid relevante bronne te identifiseer om die onderwerp te ondersoek [vind bronne].
- Stel belangrike en sinvolle vrae om bronne te evalueer (bv. om partydigheid en stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer) [werk met bronne].
- Ontleed die inligting in die bronne [werk met bronne].
- Bied 'n onafhanklike redenasie as antwoord op 'n gestelde vraag aan en motiveer gevolgtrekkings (met bewyse) [beantwoord die vraag].
- Dra kennis en begrip oor deur eie interpretasie en argumente gegrond op geskiedkundige bronne aan te bied (insluitend uitgebreide skryfwerk, kunswerk, grafika en drama); gebruik inligtingstegnologie waar moontlik en gepas [dra die antwoord oor].

## Graad 7



### Leeruitkoms 2

#### **GESKIEDKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP**

**Die leerder is in staat om geskiedkundige kennis en begrip te toon.**



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel tydlyne en skep diagramme om tydperke en gebeurtenisse uit die verlede te illustreer [chronologie en tyd].
- Beskryf en trek verbande tussen redes vir en gevolge van belangrike gebeurtenisse en veranderinge [oorsaak en gevolg].
- Verduidelik waarom sekere aspekte van die samelewing in verskillende kontekste oor tyd heen verander het of dieselfde gebly het [verandering en kontinuïteit].

## Graad 8



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Begin om verbande tussen geskiedkundige gebeurtenisse en prosesse in verskillende kontekste in dieselfde tydperk te trek [chronologie en tyd].
- Verstaan dat daar 'n verskil in die belangrikheid van gebeurtenisse se oorsake en gevolge is [oorsaak en gevolg].
- Verduidelik veranderinge in 'n groter historiese en omgewingskonteks [verandering en kontinuïteit].

## Graad 9



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Plaas gebeurtenisse, mense en veranderinge in bestudeerde geskiedkundige tydperke binne 'n chronologiese raamwerk [chronologie en tyd].
- Identifiseer kategorieë oorsake en gevolge (bv. onmiddellike en langtermyn-, regstreekse en onregstreekse oorsake en gevolge) [oorsaak en gevolg].
- Verduidelik en ontleed die redes vir en gevolge van gebeurtenisse in die geskiedenis [oorsaak en gevolg].
- Verstaan dat verandering en ontwikkeling nie altyd vooruitgang beteken nie [verandering en kontinuïteit].

## Graad 7



### Leeruitkoms 3

#### **GESKIEDKUNDIGE INTERPRETASIE**

Die leerder is in staat om aspekte van geskiedenis te interpreteer.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan hoe en waarom sekere gebeurtenisse in die verlede verskillend geïnterpreteer is [interpretasie van bronne].
- Verstaan dat verslae wat 'n hele ruk na 'n gebeurtenis geskryf is, van kontemporêre verslae mag verskil [interpretasie van bronne].
- Verstaan dat verskillende waardestelsels en tradisies die manier waarop gebeurtenisse in die verlede geïnterpreteer word, mag beïnvloed [voorstelling van die verlede].
- Beskryf hoe argeoloë met materiële oorblyfsels van die verlede werk, en maak afleidings uit geselekteerde materiële oorblyfsels van die verlede [voorstelling van die verlede].
- Verduidelik die maniere waarop mense gebeurtenisse in die verlede onthou [voorstelling van die verlede].

## Graad 8



## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Onderzoek geskiedkundige interpretasie deur relevante vrae oor 'n geskiedkundige bron se skrywer te stel [interpretasie van bronne].
- Identifiseer en gee redes vir die verskillende maniere waarop die verlede voorgestel en geïnterpreteer word [interpretasie van bronne].
- Verduidelik waarom geskiedenis nie objektief of neutraal is nie [interpretasie van bronne].
- Verstaan dat identiteitsgevoel die manier waarop gebeurtenisse in die verlede geïnterpreteer word, kan beïnvloed [interpretasie van bronne].
- Beskryf belangrike kenmerke en gebruike van materiële oorblyfsels van die verlede in 'n gegewe konteks [voorstelling van die verlede].
- Verduidelik waarom dit belangrik is om ons natuurlike en kulturele erfenis te bewaar (bv. voorwerpe, geboue, erfenisgebiede) [voorstelling van die verlede].
- Verduidelik hoe en waarom mense se herinneringe van die verlede mag verskil [voorstelling van die verlede].

## Graad 9



## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan die omstrede aard van inhoud, en dat historici geskiedenis opstel wanneer hulle oor gebeurtenisse in die verlede skryf [interpretasie van bronne].
- Stel 'n interpretasie gegrond op bronne op en gee redes vir eie interpretasie [interpretasie van bronne].
- Ontleed vraagstukke wat die manier waarop geskiedenis geskryf is, beïnvloed [invloede op interpretasie].
- Verduidelik die maniere waarop simbole gebruik word om gebeurtenisse en mense uit die verlede te onthou, en hoe mondelinge geskiedenis tot ons begrip van die simbole kan bydra [voorstelling van die verlede].

## AARDRYKSKUNDE

### INLEIDING

Leerders is in staat om probleme te bespreek en te debatteer, om verskeie moontlikhede en keuses te oorweeg en om moontlike oplossings vir sosiale en omgewingskwessies en -probleme wat op 'n verskeidenheid skale en in verskillende kontekste voorkom, voor te stel.

Leerders kan 'n voorstel saamstel en 'n verskeidenheid metodes gebruik om inligting akkuraat voor te stel – in grafiese en tabelformaat, en deur 'n verskeidenheid kaarte, foto's en beelde te gebruik om verduidelikings te verskaf en veralgemenings te ondersteun. Hulle kan meer gevorderde kaartwerkvaardighede gebruik (bv. breedte- en lengteligging, skaal, simbole, sleutel en rigting) en kan berekeninge uitvoer om data te ontleed.

Verder word daar van leerders verwag om die waarde en gebruik van geografiese inligting krities te assessee, om deel te neem aan projekte wat sosiale vraagstukke soos ongelykheid en armoede probeer oplos, om betrokke te raak by omgewingsbewing, en om deel te neem aan organisasies en bedrywighede wat op die bereiking van volhoubaarheid gerig is.

Leeruitkoms 1 is ontwerp om 'n natuurlike integrasie en verbande tussen Geskiedenis en Aardrykskunde binne die Sosiale Wetenskappe-leerarea te vergemaklik. Natuurlike verbande bestaan ook tussen sommige van die assesseringstandaarde van die ander leeruitkomste, asook in die inhoudsvelde.

### LEERUITKOMSTE

#### Leeruitkomste vir die Senior Fase



#### Leeruitkoms 1: Aardrykskundige Onderzoek

**Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- die vind van bronne relevant vir die ondersoek;
- werk met die bronne – stel vrae, vind inligting en organiseer, ontleed en sintetiseer inligting;
- die beantwoording van vrae en die oorweging van praktiese optrede, waar moontlik;
- verslagdoening oor die bevindinge van die ondersoekproses deur verskillende kommunikasievaardighede te gebruik.





### Leeruitkoms 2: Aardrykskundige Kennis en Begrip

**Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit die hantering en begrip van die volgende in:

- mense en plekke;
- mense en hulpbronne;
- mense en die omgewing.



### Leeruitkoms 3: Verkenning van Vraagstukke

**Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.**

Belangrike ondersoekprosesse vir hierdie leeruitkoms sluit in:

- identifisering van die vraagstuk;
- begrip van faktore wat die vraagstuk beïnvloed;
- die maak van keuses, die neem van besluite of die verskaffing van alternatiewe.

### Kennisfokus vir Graad 7

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 7 word weerspieël in:

- Natuurgevare (bv. droogte, oorstromings, aardbewings, vulkane en tropiese siklone):
  - eenvoudige verduidelikings van hoe natuurgevare voorkom – fisiese prosesse, klimaatverandering, swak omgewingsbestuur;
  - die uitwerking van natuurgevare op mense se lewens – onderskeid tussen rampe en natuurgevare;
  - waarom sommige mense meer aan gevaar blootgestel is as ander;
  - wie is in gevaar;
  - die bestuur van gevare en gevaarvermindering – voorkomende maatreëls (bv. met betrekking tot oorstromings, maatreëls soos die bestuur van neerslaggebiede om die gehalte van riviere, vleie en moerasgebiede te verbeter en om die gevaar vir menselewens en ekosisteme te verminder).
- Bevolkingsgroei en -verandering:
  - faktore wat 'n uitwerking op bevolkingsgroei en -verandering het (bv. ouderdom- en geslagstrukture, bevolkingsbeweging, lewensverwagting, sterftesyfers, vrugbaarheid, veroudering van bevolkings);
  - prosesse wat 'n uitwerking op bevolkingsgroei en -verandering het (bv. siekte, armoede, houding teenoor geboorte en dood, konflik en oorlog, menseslagting, gedwonge migrasie, landelike-stedelike migrasie, verbande tussen oorsaak en gevolg op verskillende skale (bv. Suid-Afrika in vergelyking met Afrika; Afrika in vergelyking met die wêreld), fokus op die uitwerking van MIV/vigs.
- Kaartwerk:
  - verkry inligting uit kaarte en foto's;
  - meet afstande op kaarte, in atlasse, op 'n aardbol en herlei dit na die werklikheid;
  - vergelyk ortofoto's met die werklikheid, waar moontlik.

## Kennisfokus vir Graad 8

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 8 word weerspieël in:

- Nedersetting:
  - funksies van stede;
  - nedersettingspatrone (insluitend interne strukture van nedersettings en liggingspatrone) in Suid-Afrika en elders;
  - faktore wat 'n uitwerking op nedersettingspatrone het, insluitend fisiese, omgewings-, maatskaplike, politieke en ekonomiese faktore (bv. die erfenis van kolonialisme en apartheid, die ontvolking van die platteland, die uitwerking van globalisering).
- Vervoer:
  - uitwerking op handel;
  - reaksie op vraag na handel;
  - rol in verskaffing van toegang tot geleenthede;
  - uitwerking op nedersettings se vorm en struktuur;
  - vervoer tussen nedersettings.
- Patrone van sosiale ongelykhede in Suid-Afrika:
  - status van vroue;
  - uitbuiting van arbeid (ook kinderarbeid);
  - toegang tot onderwys en opleiding, behuising en ander dienste en hulpbronne – wie kry wat;
  - vergelyking met ander ontwikkelende en ontwikkelde dele van die wêreld.
- Natuurlike hulpbronne (bv. soorte mariene lewe, water, lug, woude en grond) in Suid-Afrika en wêreldwyd:
  - hoe word dit gebruik;
  - bewaring en beskerming van hulpbronne (ook die natuurlewe);
  - waarom bewaring belangrik is;
  - bedreiging vir bewaring;
  - nuwe geleenthede om hulpbronne te bewaar (bv. gemeenskapsontwikkeling, ekotoerisme, maniere om hulpbronne op 'n volhoubare manier te deel).
- Kaartwerk:
  - verkry inligting uit kaarte en foto's;
  - identifiseer kenmerke op kaarte en ortofoto's;
  - vergelyk afstande op kaarte en ortofoto's.

## Kennisfokus vir Graad 9

Die kennisfokus vir die bereiking van die leeruitkomste in graad 9 word weerspieël in:

- Ontwikkelingsvraagstukke:
  - benaderings tot ontwikkeling;
    - ▶ begrippe: ontwikkelende, ontwikkelde, volhoubare ontwikkeling en volhoubaarheid,
    - ▶ toepaslikheid in Suid-Afrika en elders;
  - die rol van wetenskap en tegnologie:
    - ▶ uitwerking op ontwikkeling,
    - ▶ die Groen Rewolusie,
    - ▶ aanpassing van gewasse,
    - ▶ die gebruik van gepaste tegnologie.
- Volhoubare gebruik van hulpbronne:
  - beginsels van Agenda 21, soos waarom dit nodig is dat almal aan die bestuur van hulpbronne deelneem;
  - alle mense se afhanklikheid van natuurlike hulpbronne om 'n bestaan te voer en te oorleef;
  - waarom dit nodig is dat al ons optrede toekomstige volhoubaarheid verseker;
  - waarom dit nodig is dat almal aktief betrokke by die hantering van omgewingsprobleme is (bv. besoedeling, afvalwegdoening).
- Sosiale en omgewingskonflik in Suid-Afrika:
  - vergelyking met ander lande in Afrika en elders;
  - die rol van mag, beheer en diskriminasie (ook rassisme en xenofobie) in die daarstelling van toegang tot en gebruik van hulpbronne soos grond, voedsel, water, behuising en werk);
  - die gebruik van toepaslike gevallestudies.
- Kaartwerk:
  - verkry, ontleed en vergelyk inligting uit kaarte, atlasse, satellietbeelde, lugfoto's;
  - korreleer inligting met waarnemings in die veld.

## ASSESSERINGSTANDAARDE

### Let Wel:

- Die ondersoekprosesse in Geskiedenis en Aardrykskunde skakel nou met mekaar in Leeruitkoms 1; hierdie leeruitkoms dien as grondslag vir die ondersoekprosesse in Leeruitkoms 2 en 3. Die belangrikste ondersoekprosesse vir hierdie fase verskyn hierbo, saam met die leeruitkomste. Verwysings na hierdie ondersoekprosesse word binne die assesseringstandaarde gegee en verskyn tussen vierkante hakies – byvoorbeeld: [vind bronne].
- Dit is noodsaaklik om enige ondersoekproses met kernvrae te begin. Sommige kernvrae – wat deur die onderwyser en/of die leerder gevra moet word – verskyn dus saam met die assesseringstandaarde vir Leeruitkoms 1. *(Die kernvrae is in skuinsdruk.) Hierdie vrae is bedoel om as riglyne te dien en is nie veronderstel om geassesseer te word nie.*

## Graad 7



### Leeruitkoms 1

#### AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.



### Asseseringstandaarde

*Die leerder formuleer vrae om as riglyn te dien vir 'n ondersoek na vraagstukke en probleme.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer 'n verskeidenheid aardrykskundige en omgewingsbronne relevant vir 'n ondersoek [vind bronne].
- Organiseer en interpreteer inligting relevant vir die ondersoek uit eenvoudige grafieke, kaarte en statistiese bronne [werk met bronne].
- Meet afstande op aardbolle, atlasse en kaarte deur lynskale te gebruik [werk met bronne].
- Gebruik plaaslike kaarte en/of ortofotokaarte om ligging te bepaal en die vraagstuk en die konteks daarvan te ondersoek (vergelyk met veldwaarnemings) [werk met bronne].
- Gebruik inligting om antwoorde, alternatiewe en moontlike oplossings voor te stel [beantwoord die vraag].
- Doen verslag oor die ondersoek deur bewyse uit die bronne te gebruik, insluitend kaarte, diagramme en grafika; gebruik, waar moontlik, rekenaars in die aanbieding [dra die antwoord oor].

## Graad 8



## Asseseringstandaarde

*Die leerder formuleer vrae om as riglyn te dien vir 'n ondersoek na sosiale en omgewingsvraagstukke en probleme.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en kies 'n verskeidenheid aardrykskundige en omgewingsbronne relevant vir 'n ondersoek (gebruik veldwerk en ander ondersoekmetodes) [vind bronne].
- Interpreteer inligting uit kaarte en atlasse en uit grafiese en statistiese bronne [werk met bronne].
- Meet afstande op ortofotokaarte en/of kaarte van plaaslike en ander gebiede en vergelyk afstande op kaarte met werklike afstande [werk met bronne].
- Identifiseer sommige fisiese en geboude kenmerke uit lug- en/of ortofotokaarte van plaaslike en ander gebiede [werk met bronne].
- Neem inligting in die veld waar en teken dit op [werk met bronne].
- Bied 'n oorspronklike idee aan as deel van 'n antwoord op vrae wat tydens die ondersoek gestel is [beantwoord die vraag].
- Doen op verskeie maniere verslag oor kennis wat tydens die ondersoek verkry is deur 'n redenasie gegrond op inligtingsbronne te formuleer; gebruik kaarte, diagramme en grafika; gebruik, waar moontlik, rekenaars in die aanbieding [dra die antwoord oor].

## Graad 9



## Asseseringstandaarde

*Die leerder formuleer kritiese vrae oor aspekte betreffende die onderlinge verband tussen mense, plekke en die omgewing.*

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Voer onafhanklike ondersoeke uit na die onderlinge verband tussen mense, plekke en die omgewing (gebruik veldwerk) [vind bronne].
- Stel sinvolle vrae om bronne te evalueer, bv. om partydigheid, stereotipes, weglatings en gapings te identifiseer [werk met bronne].
- Ontleed en maak gevolgtrekkings oor inligting uit bronne soos foto's, kaarte, atlasse, grafieke en statistiek [werk met bronne].
- Korreleer inligting uit verskeie bronne met inligting uit kaarte, atlasse, satellietbeelde of ortofoto's [werk met bronne].
- Neem inligting in die veld waar en teken dit op [werk met bronne].
- Gebruik die bostaande asseseringstandaarde om die antwoord, besluit of oplossing met betrekking tot die ondersoek te staaf [beantwoord die vraag].
- Doen verslag oor kennis wat tydens die ondersoek verkry is deur 'n redenasie en interpretasie gegrond op inligtingsbronne te formuleer; gebruik kaarte, diagramme en grafika; gebruik, waar moontlik, rekenaars in die aanbieding [dra die antwoord oor].

## Graad 7



### Leeruitkoms 2

#### AARDRYKSKUNDIGE KENNIS EN BEGRIP

Die leerder is in staat om aardrykskundige en omgewingskennis en -begrip te toon.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beskryf en verduidelik hoe natuurgevare soos vulkane, aardbewings en oorstromings plaasvind, en die uitwerking daarvan op menseleuens en op sosio-ekonomiese bedrywighede [mense en plekke].
- Ondersoek en verduidelik waarom sommige mense meer as ander aan natuurgevare blootgestel is [mense en hulpbronne].
- Identifiseer hoe risiko's en natuurgevare hanteer kan word [mense en die omgewing].

## Graad 8



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer en vergelyk verskillende soorte nedersettingspatrone [mense en plekke].
- Identifiseer faktore wat die vorming van nedersettingspatrone beïnvloed (natuurlike, ekonomiese, sosiale/politieke faktore) [mense en hulpbronne].
- Identifiseer kritieke faktore wat tot verandering in nedersettingspatrone in Suid-Afrika, Afrika en elders gelei het [mense en die omgewing].

## Graad 9



### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verskaf 'n beredeneerde verduideliking van sommige benaderings tot ontwikkeling [mense en plekke].
- Identifiseer maniere waarop wetenskap en tegnologie positief en negatief tot ontwikkeling bygedra het [mense en hulpbronne].
- Verduidelik hoe volhoubare ontwikkeling 'n positiewe uitwerking op mense, plekke en omgewings kan hê [mense en die omgewing].

## Graad 7



### Leeruitkoms 3

#### VERKENNING VAN VRAAGSTUKKE

Die leerder is in staat om ingeligte besluite oor sosiale en omgewingsvraagstukke en -probleme te neem.



### Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer uitdagings vir samelewings en nedersettings, met 'n fokus op bevolkingsgroei en -verandering [identifiseer die vraagstuk].
- Identifiseer die faktore wat tot bevolkingsgroei en -verandering bydra [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Identifiseer prosesse wat bevolkingsgroei en -verandering op verskillende plekke affekteer [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Stel maniere voor om op vraagstukke met betrekking tot bevolkingsgroei en -verandering in 'n spesifieke konteks te reageer [maak keuses].



## Graad 8



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer uitdagings vir samelewings en nedersettings wat met die gebruik en misbruik van mense en natuurlike hulpbronne gepaardgaan [identifiseer die vraagstuk].
- Ondersoek die ongelyke verspreiding van en toegang tot hulpbronne in verskillende kontekste [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Ondersoek moontlike maniere om hulpbronverbruik te verminder [maak keuses].
- Maak voorstelle om as riglyn te dien vir 'n volhoubare lewenstyl in 'n spesifieke konteks [maak keuses].

## Graad 9



## Asseseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Identifiseer maatskaplike en omgewingskonflikte in Suid-Afrika en vergelyk dit met ander kontekste [identifiseer die vraagstuk].
- Identifiseer faktore wat 'n uitwerking op geselekteerde maatskaplike en omgewingsgeskille het, insluitend regte, geslag, maatskaplike, ekonomiese en politieke eise in 'n spesifieke konteks [faktore wat die vraagstuk affekteer].
- Ontleed die oorsake van geskille of konflikte [maak keuses].
- Neem ingeligte besluite oor verskeie oplossings vir sosiale en omgewingskonflikte [maak keuses].



## HOOFSUK 5

# KENNISFOKUSRAAMWERK



### Geskiedenis

- Stories oor die leerder se eie lewe, die lewenswyse van eie gesin en familie of van ander om die leerder, asook aspekte wat oor tyd heen verander het.
- Stories oor interessante mense (vroue en mans, seuns en meisies) uit verskillende tydperke (bv. gewone mense, beroemde mense).
- Sosiale ervarings oor tyd heen (bv. speletjies, speelgoed in eie en ander samelewings).
- Vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is.

### Aardrykskunde

- Die verskil tussen behoeftes en begeertes.
- Stories oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en waarom hierdie voorwerpe van waarde is.
- Stories oor bekende plekke in die omgewing waar die leerder woon of plekke wat die leerder al besoek het.
- Rigting (bv. links, regs, voor, agter, bo-op) en voorwerpe in verhouding tot die self en tot ander voorwerpe.



### Geskiedenis

- Stories oor die leerder se eie lewe, die lewenswyse van eie gesin en familie of van ander om die leerder, asook aspekte wat oor tyd heen verander het.
- Stories oor interessante mense (vroue en mans, seuns en meisies) uit verskillende tydperke (bv. gewone mense, beroemde mense).

- Sosiale ervarings oor tyd heen (bv. speletjies, speelgoed in eie en ander samelewings).
- Vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is.

## Aardrykskunde

- Veilige en onveilige plekke:
  - optrede wat gevaar verhoed;
  - waar en hoe om hulp te kry op verskillende plekke (bv. huis, skool, gemeenskap);
  - kontakbesonderhede – woonplek.
- Mense se ervaring van plekke:
  - plekke waaraan hulle waarde heg en redes daarvoor;
  - stories oor die plekke waar ander mense lewe – in Afrika en op een ander vasteland.
- Basiese behoeftes soos om te eet, asem te haal, te drink en skuiling te hê, en die hulpbronne wat help om in hierdie behoeftes te voorsien.
- Voorwerpe in verhouding tot self en ander: belangrikheid, afstand, vorm, grootte, rigting, hoogte, breedte.



## Geskiedenis

- Stories oor die leerder se eie lewe, gesins- en familielewe en skoollewe, asook aspekte wat oor tyd heen verander het.
- Stories oor die lewenswyse van mense wat in die verlede in die plaaslike omgewing of elders in Suid-Afrika gelewe het.
- Sosiale ervarings oor tyd heen (bv. huise, kos en kleredrag in verskillende samelewings).
- Vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is.
- 'n Bewustheid van die bestaan van die nasionale regering en die president.
- Kennis van nasionale simbole soos die Suid-Afrikaanse vlag.

## Aardrykskunde

- 'n Verskeidenheid soorte huise en die onmiddellike omgewing daarvan.
- Beskikbaarheid van hulpbronne soos ruimte, water, elektrisiteit en vervoer.
- Belangrike plekke in die leerder se gemeenskap en ooglopende fisiese kenmerke.
- Die begrip hulpbron en die daaglikse gebruik van hulpbronne soos water, lug en energie (bv. hout, paraffien, steenkool, olie, elektrisiteit, kos).
- Persoonlike vervoerretes en kommunikasienetwerke vir verskillende doeleindes.
- Moontlike optrede om plekke in die plaaslike omgewing te verbeter.
- Prentkaarte van plekke wat belangrike kenmerke en verbindings tussen plekke aandui.



GRAAD 3

## Geskiedenis

- Stories oor interessante mense (vroue en mans, seuns en meisies, gewone mense, beroemde mense) uit verskillende tydperke in die geskiedenis van Suid-Afrika en die wêreld.
- Stories oor gebeurtenisse uit die geskiedenis van Suid-Afrika en die wêreld wat herdenk word (bv. die Olimpiese Spele, Vryheidsdag, 16 Junie, Papawerdag).
- Verskillende plekke van geskiedkundige belang in die leerder se lewe (bv. waar die leerder al gewoon het, aanbiddingsplekke, historiese bakens).
- Beskrywings van en vertellings oor voorwerpe en persoonlike besittings waaraan die leerder waarde heg en 'n verduideliking waarom hierdie voorwerpe van waarde vir die leerder is.
- Stories uit die verlede en die hede in Suid-Afrika en die wêreld oor respek vir en skending van kinderregte.
- Sosiale ervarings oor tyd heen (bv. kunswerke, musiek en dans in verskillende samelewings).
- 'n Bewustheid van die bestaan van leerders se eie provinsie en premier.
- Kennis van nasionale simbole soos Suid-Afrika se nasionale voël, blom, dier of vis.

## Aardrykskunde

- Verskillende soorte landskappe soos plase, woongebiede, woude, natuurreservate, oop ruimtes, ontspanningsterreine.
- Voorwerpe wat die leerder en gesin gereeld gebruik en die hulpbronne en prosesse waaruit dit verkry word.
- Ligging van plekke op eenvoudige kaarte en die posisie van plekke in verhouding tot mekaar (bv. strand, berg, rivier).
- Verandering in die plaaslike omgewing:
  - geboue, paaie, huise en ander infrastruktuur;
  - natuurlike kenmerke.
- Die begrip besoedeling en die breë uitwerking daarvan.
- Die bestuur van afval – begrippe betreffende die vermindering, herwinning en hergebruik van afval;
- Rigting – die vier windstreke.



## Geskiedenis

- Die geskiedenis van die plaaslike gebied of distrik:
  - mense, plekke, hulpbronne, oortuigings in verband met natuurlike kenmerke, geboue, die skool, terreine, simbole en monumente, museums;
  - mondelinge geskiedenis en tradisie: vind uit oor plekname, name van riviere, berge en ander bakens en inheemse omgewingsgebruike;
  - mense as geskiedkundige bronne: onderhoude met lede van die gemeenskap;
  - stories oor gesinne, families en gemeenskappe wat menslike waardes van besorgdheid vir ander, oorwinning oor struikelblokke, weerstand teen dit wat verkeerd is en 'n waardering vir menseregte uitdruk.
- Leer van leiers op alle gebiede van die lewe:
  - wat maak 'n goeie of groot leier;
  - stories van leiers uit Suid-Afrika en die wêreld oor tyd heen.
- Die geskiedenis van reis en vervoer oor tyd heen: van die vroegste maniere om goedere en mense te vervoer tot die modernste land-, see- en lugvervoer, insluitend die verskillende soorte vervoer se uitwerking op die omgewing.

- Breë geskiedkundige oorsig van die herkoms van belangrike wêreldgodsdienste teenwoordig in Suid-Afrika:
  - tradisionele Afrika-geloof;
  - Judaïsme;
  - die Christelike godsdiens;
  - Hindoeïsme;
  - Islam;
  - Boeddhisme.
- Demokrasie en menseregte in die skool en die gemeenskap.

## Aardrykskunde

- Nedersettingskenmerke:
  - soorte geboue;
  - paaie;
  - soorte fasiliteite;
  - sakeondernemings;
  - nywerhede;
  - klassifikasie (stedelik, plattelands);
  - funksies van nedersetting;
  - omvang van nedersettingsgrootte (dorp, dorp, stad).
- Hulpbronne en dienste in 'n nedersetting (bv. grond, water, riolering, afvaldienste, onderwys, mediese dienste, groen/oop ruimtes), en die probleme wat mense sonder toegang tot hulpbronne en dienste ervaar.
- Voedselproduksie in Suid-Afrika:
  - bestaans- en kommersiële boerdery;
  - belangrikste gewasse wat gekweek word en diere wat geteel word (insluitend die visnywerheid) in Suid-Afrika;
  - ligging en prosesse.
- Toegang tot kos en water:
  - gevolg van 'n gebrek aan toegang tot kos en behoorlike voeding;
  - vroeëre en huidige maniere om kos en water in verskillende kontekste te verkry;
  - die verstandige gebruik en bestuur van hierdie hulpbronne.
- Kaartwerk:
  - kaartsimbole en -sleutel;
  - planaansigte;
  - ruitenetstelsels en -verwysings;
  - rigtings (agt windstreke);
  - reliëf- en staatkundige kenmerke op grootskaalkaarte.

- Die kaart van Suid-Afrika met provinsies, en 'n basiese wêreldkaart (met vastelandse en oseane).
- Die volgende begrippe: vastelande, oseane, lande, provinsies, hoofstede en grense.

## GRAAD 5

### Geskiedenis

- Die studie van vroeë beskawings:
  - 'n vroeë Afrika-beskawing: Egipte/Nubië;
  - een voorbeeld uit die res van die wêreld:
    - ▶ Mesopotamië,
    - ▶ Indusriviervallei,
    - ▶ China,
    - ▶ die Amerikas;
  - waar hierdie beskawings voorgekom het en waarom hulle juis daar voorgekom het;
  - die belangrikste eienskappe van hierdie samelewings (bv. die rol van die omgewing in die vorming van die samelewing, die gebruik van hulpbronne, landbou, die ontwikkeling van stede, handel, kommunikasie, geloofstelsels).
- Vroeë Suid-Afrikaanse samelewings tot 1600: hoe die omgewing hierdie samelewings gevorm het, sosiale organisasie, gepaste tegnologie, stories wat geloofstelsels, samewerking en konflik ondersoek:
  - swerwerjagtersamelewings;
  - veewagters;
  - Afrika-boere.
- Provinsiale geskiedenis:
  - erfenis en identiteit;
  - tradisie en inheemse kennis: vind uit oor plekname, name van riviere, berge en ander bakens en inheemse omgewingsgebruike;
  - provinsiale regering en simbole;
  - die rol van demokraties verkose leiers;
  - hoe om aan 'n demokrasie deel te neem.

### Aardrykskunde

- Die fisiese struktuur van Suid-Afrika:
  - ligging van fisiese kenmerke: berge, hoëveldplato, kusvlaktes, riviere en ander kenmerke van die landskap, ook oseane;
  - die verband tussen fisiese kenmerke en menslike bedrywighede, insluitend maniere waarop menslike bedrywighede die fisiese landskap verander.



- Klimaatstreke van Suid-Afrika:
  - die klimaatstreke;
  - elkeen se temperatuur-, reënval- en plantegroeienskappe;
  - die verband tussen ekonomiese bedrywighede en nedersetting.
  
- Hulpbronne:
  - die verband tussen natuurlike hulpbronne en ekonomiese bedrywighede (soos mynbou en nywerhede) in Suid-Afrika, asook die uitwerking van hierdie aktiwiteite op nedersettings in die hede en die verlede;
  - hernubare en nie-hernubare hulpbronne:
    - ▶ gebruik en misbruik van natuurlike hulpbronne in Suid-Afrika,
    - ▶ 'n fokus op water- en energiehulpbronne.
  
- Bevolking: verspreidings- en digtheidspatrone in Suid-Afrika, asook natuurlike en maatskaplike faktore (soos gedwonge verskuiwings) wat 'n uitwerking daarop het.
  
- Gesondheid en welsyn:
  - verspreiding van siektes: soorte siektes, insluitend cholera, malaria en ander soos tuberkulose en siektes wat met mynbou verband hou;
  - ondersoek waarom sommige mense meer as ander aan gevaar blootgestel is;
  - maniere om gevare wat met siekte gepaardgaan te verminder (soos om siektes op te doen en te versprei), voorsorgmaatreëls en voorkomende optrede.
  
- Kaartwerk:
  - veldsketse;
  - die teken van kaarte;
  - die gebruik van 'n indeks;
  - kaartskaal;
  - kruisverwysing van inligting op verskillende kaarte.



GRAAD 6

## Geskiedenis

- Organisasie van Afrika-samelewings:
  - koninkryke van Suider-Afrika:
    - ▶ Mapungubwe,
    - ▶ Thulamela,
    - ▶ Groot-Zimbabwe;
  - vee, goud, ivoor en yster.
  
- Verkenning, benutting en uitbuiting vanaf die veertiende eeu en verder:
  - vroeë kartering: voorstellings van Afrika;

- wetenskap en tegnologie: ondersoek bydraes uit verskillende wêrelddele;
- voorbeelde van verkenning uit Europa, Asië, die Amerikas en Afrika, en die uitwerking daarvan op inheemse mense.
- Die geskiedenis van medisyne:
  - belangrike mediese ontdekkings;
  - inheemse medisyne en tradisionele genesing.
- Demokrasie in Suid-Afrika:
  - wat demokrasie is;
  - hoe Suid-Afrika regeer word;
  - nasionale simbole soos die landswaapen en die volkslied;
  - die Handves van Kinderregte;
  - die Aardemanifes.

## **Aardrykskunde**

- Bevolkingsverspreiding en -digtheid op 'n wêreldskaal: identifiseer belangrike stede, streke, lande en tref vergelykings.
- Klimaat- en plantegroei-streke van die wêreld:
  - koue en warm klimate;
  - temperatuur- en reënvaltoestande;
  - biome;
  - die verband tussen klimaatstreke en bevolkingsverspreiding en die gebruik van hulpbronne in hierdie streke.
- Handel en ontwikkeling:
  - maniere waarop primêre produkte en die benutting van hulpbronne en arbeid in ontwikkelende lande die ekonomieë van ryk, ontwikkelde lande ondersteun;
  - handel in grondstowwe (uit die Suide) en eindprodukte (uit die Noorde).
- Ontwikkelingsvraagstukke:
  - oorsake van armoede:
    - ▶ uitbuiting,
    - ▶ minagting van menseregte,
    - ▶ omgewingsvernietiging,
    - ▶ gebrek aan toegang tot hulpbronne en ander geleenthede,
    - ▶ werkloosheid;
  - gevallestudies van positiewe ontwikkelingsprojekte wat maniere uitbeeld om hulpbronne te deel en armoede te verminder.
- Omgewingsvraagstukke – samelewings se bydrae tot die verlies aan biodiversiteit:
  - die verdwyning van moeraslande;

- gronderosie;
  - ontbossing;
  - die uitwissing van plante en diere.
- Kaartwerk:
    - die bepaling van ligging met gebruik van breedteligging en lengteligging (grade en minute);
    - basiese kaartprojeksies;
    - die ligging van verskillende lande, belangrike stede en handels- of lugroetes.

## GRAAD 7

### Geskiedenis

- Menslike evolusie:
  - vroeë hominied-ontdekkings in Suid-Afrika en Oos-Afrika;
  - die ontwikkeling van die mens in Suider-Afrika;
  - rotskuns as 'n uitdrukking van die swerwerjagtersamelewing en hul wêreldbeskouing.
- 'n Breë oorsig van vroeë handelstelsels:
  - Indiese Oseaan en Oos-Afrika: Arabiese handel, Swahili-kusgemeenskappe, en skakels met Groot-Zimbabwe – negende tot sestiende eeu;
  - Wes-Afrika en trans-Sahara-handel: sout, goud, slawe, en antieke handelsroetes, leersentrums, historiese verslaglewering – negende tot sestiende eeu;
  - Europese handelstelsels in die Middeleeue – veertiende tot sestiende eeu;
  - Nederlandse nedersetting, slawehandel in die Indiese Oseaan en slawerny aan die Kaap – sewentiende en agtiende eeu;
  - Afrika en die Atlantiese slawehandel – sestiende tot negentiende eeu.
- Verskuiwende grense:
  - kontak, konflik en onteiening aan die Kaap se oostelike en noordelike grens in die negentiende eeu;
  - kontak, konflik en onteiening: grense in die Verenigde State van Amerika in die negentiende eeu.
- Demokratiese stelsels: die Amerikaanse Rewolusie.

### Aardrykskunde

- Natuurgefare (bv. droogte, oorstromings, aardbewings, vulkane en tropiese siklone):
  - eenvoudige verduidelikings van hoe natuurgefare voorkom – fisiese prosesse, klimaatverandering, swak omgewingsbestuur;
  - die uitwerking van natuurgefare op mense se lewens – onderskeid tussen rampe en natuurgefare;
  - waarom sommige mense meer aan gevaar blootgestel is as ander;

- wie is in gevaar;
- die bestuur van gevare en gevaarvermindering – voorkomende maatreëls (bv. met betrekking tot oorstromings, maatreëls soos die bestuur van neerslaggebiede om die gehalte van riviere, vleie en moerasgebiede te verbeter en om die gevaar vir menseleuens en ekosisteme te verminder).
  
- Bevolkingsgroei en -verandering:
  - faktore wat 'n uitwerking op bevolkingsgroei en -verandering het:
    - ▶ ouderdom- en geslagstrukture,
    - ▶ bevolkingsbeweging,
    - ▶ lewensverwagting,
    - ▶ sterftesyfers,
    - ▶ vrugbaarheid,
    - ▶ veroudering van bevolkings;
  - prosesse wat 'n uitwerking op bevolkingsgroei en -verandering het:
    - ▶ siekte,
    - ▶ armoede,
    - ▶ houding teenoor geboorte en dood,
    - ▶ konflik en oorlog,
    - ▶ menseslagting,
    - ▶ gedwonge migrasie,
    - ▶ landelike-stedelike migrasie,
    - ▶ verbande tussen oorsaak en gevolg op verskillende skale (bv. Suid-Afrika in vergelyking met Afrika; Afrika in vergelyking met die wêreld),
    - ▶ fokus op die uitwerking van MIV/vigs.
  
- Kaartwerk:
  - verkry inligting uit kaarte en foto's;
  - meet afstande op kaarte, in atlasse, op 'n aardbol en herlei dit na die werklikheid;
  - vergelyk ortofoto's met die werklikheid, waar moontlik.

## GRAAD 8

### Geskiedenis

- Veranderende wêreld: die Franse Rewolusie.
  
- Veranderende wêreld – industrialisering:
  - die Industriële Rewolusie in Brittanje:
    - ▶ veranderende tegnologie,
    - ▶ landbou en handel,
    - ▶ benutting en uitbuiting,
    - ▶ die nuwe wêreld van werk,

- ▶ vakbonde,
  - ▶ die groei van stedelike gebiede,
  - ▶ maatskaplike probleme,
  - ▶ politieke regte;
  - industrialisering in Suid-Afrika: diamante en goud, en veranderende werk en lewens in Suid-Afrika op die myne, die platteland en in die stede (insluitend die Wet op Grondbesit van 1913);
  - suiker en arbeid in Natal;
  - vroeë vakbondbewegings.
- Weerstand teen Britse beheer:
    - voorbeelde kan die volgende insluit: die oorloë tussen die Zulus en die Britte, die Pedi en die Britte, of 'n streeksvoorbeeld;
    - die Suid-Afrikaanse Oorlog: wie was betrokke en hoe het dit hul lewe beïnvloed?
- Die ervaring van kolonialisme in die negentiende en twintigste eeu:
    - die Industriële Rewolusie en koloniale uitbreiding;
    - hoe samelewings in Afrika kolonialisme ervaar het en daarop gereageer het: 'n Britse, Belgiese of Portugese kolonie;
    - kolonialisme en die benutting en uitbuiting van hulpbronne.
- Veranderende idees en tegnologieë – die Eerste Wêreldoorlog:
    - hoe industrialisering, groeiende nasionalisme in Europa, en konflik oor kolonies tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog bygedra het;
    - loopgraafoorlog;
    - veranderende rolle: vroue in die Eerste Wêreldoorlog;
    - die uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog op Suid-Afrika.

## Aardrykskunde

- Nedersetting:
  - funksies van stede;
  - nedersettingspatrone (insluitend interne strukture van nedersettings en liggingspatrone) in Suid-Afrika en elders;
  - faktore wat 'n uitwerking op nedersettingspatrone het, insluitend:
    - ▶ fisiese faktore,
    - ▶ omgewingsfaktore,
    - ▶ maatskaplike faktore,
    - ▶ politieke en ekonomiese faktore (bv. die erfenis van kolonialisme en apartheid),
    - ▶ die ontvolking van die platteland,
    - ▶ die uitwerking van globalisering.
- Vervoer:
  - uitwerking op handel;

- reaksie op vraag na handel;
  - rol in verskaffing van toegang tot geleentheid;
  - uitwerking op nedersettings se vorm en struktuur;
  - vervoer tussen nedersettings.
- Patrone van sosiale ongelykhede in Suid-Afrika:
    - status van vroue;
    - uitbuiting van arbeid (ook kinderarbeid);
    - toegang tot onderwys en opleiding, behuising en ander dienste en hulpbronne – wie kry wat;
    - vergelyking met ander ontwikkelende en ontwikkelde dele van die wêreld.
  - Natuurlike hulpbronne (bv. soorte mariene lewe, water, lug, woude en grond) in Suid-Afrika en wêreldwyd:
    - hoe word dit gebruik;
    - bewaring en beskerming van hulpbronne (ook die natuurlewe);
    - waarom bewaring belangrik is;
    - bedreiging vir bewaring;
    - nuwe geleentheid om hulpbronne te bewaar (bv. gemeenskapsontwikkeling, ekotoerisme, maniere om hulpbronne op 'n volhoubare manier te deel).
  - Kaartwerk:
    - verkry inligting uit kaarte en foto's;
    - identifiseer kenmerke op kaarte en ortofoto's;
    - vergelyk afstande op kaarte en ortofoto's.

## GRAAD 9

### Geskiedenis

- Menseregte gedurende en na die Tweede Wêreldoorlog:
  - Nazi-Duitsland:
    - ▶ hoe die Nazi's 'n Ariese identiteit geskep het,
    - ▶ hoe die Nazi's hierdie “identiteit” gebruik het om ander te definieer en uit te sluit,
    - ▶ hoe en waarom die Groot Slagting van die Jode gebeur het,
    - ▶ watter keuses mense in Nazi-Duitsland gehad het.
- Die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die stryd om menseregte:
  - Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte (insluitend misdade teen die mensdom);
  - Verenigde State van Amerika se burgerregtebeweging;
  - die stryd om menseregte en teen kolonialisme in Afrika.
- Apartheid in Suid-Afrika:
  - die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog;
  - wat was apartheid?

- hoe het dit mense se lewens beïnvloed?
  - onderdrukking en weerstand teen apartheid in die 1950's (bv. die Versetveldtog, die Vryheidsmanifes en populêre kultuur);
  - onderdrukking en die gewapende stryd in die 1960's;
  - verdeel en heers: die rol van die tuislande;
  - onderdrukking en die groei van die massa demokratiese bewegings in die 1970's en 1980's: eksterne en interne druk;
  - die bou van 'n nuwe identiteit in Suid-Afrika in die 1990's: onderhandelinge vóór 1994, die eerste demokratiese verkiesing en die Suid-Afrikaanse Grondwet.
- Die Kerntydperk en die Koue Oorlog:
    - Hirosjima en Nagasaki: die veranderende aard van oorlog;
    - ideologieë: kapitalisme en kommunisme;
    - die Verenigde State van Amerika teen die Sowjetunie as supermagte: die wapenwedloop, konflik oor gebied, die ruimtewedloop;
    - die val van kommunisme;
    - die val van apartheid.
- Vraagstukke van ons tyd:
    - die hantering van misdade teen die mensdom: apartheid en die Waarheids-en-Versoeningskommissie in vergelyking met die Nürnberg-verhoor;
    - xenofobie en menseslagting (bv. Rwanda, die Balkan);
    - die uitwerking van globalisering op Afrika;
    - 'n nuwe visie vir Afrika: Afrika se ekonomiese herstel.

## Aardrykskunde

- Ontwikkelingsvraagstukke:
  - benaderings tot ontwikkeling:
    - ▶ begrippe: ontwikkelende, ontwikkelde, volhoubare ontwikkeling en volhoubaarheid,
    - ▶ toepaslikheid in Suid-Afrika en elders;
  - die rol van wetenskap en tegnologie:
    - ▶ uitwerking op ontwikkeling,
    - ▶ die Groen Rewolusie,
    - ▶ aanpassing van gewasse,
    - ▶ die gebruik van gepaste tegnologie.
- Volhoubare gebruik van hulpbronne:
  - beginsels van Agenda 21, soos waarom dit nodig is dat almal aan die bestuur van hulpbronne deelneem;
  - alle mense se afhanklikheid van natuurlike hulpbronne om 'n bestaan te voer en te oorleef;
  - waarom dit nodig is dat al ons optrede toekomstige volhoubaarheid verseker;
  - waarom dit nodig is dat almal aktief betrokke by die hantering van omgewingsprobleme is (bv. besoedeling, afvalwegdoening).

- Sosiale en omgewingskonflik in Suid-Afrika:
  - vergelyking met ander lande in Afrika en elders;
  - die rol van mag, beheer en diskriminasie (ook rassisme en xenofobie) in die daarstelling van toegang tot en gebruik van hulpbronne soos grond, voedsel, water, behuising en werk);
  - die gebruik van toepaslike gevallestudies.
  
- Kaartwerk:
  - verkry, ontleed en vergelyk inligting uit kaarte, atlasse, satellietbeelde, lugfoto's;
  - korreleer inligting met waarnemings in die veld.



## HOOFSTUK 6

# LEERDERASSESSERING

### INLEIDING

Die assesseringsraamwerk vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is op die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys gegrond. Assessering moet op die doeltreffendste wyse moontlik 'n aanduiding van leerderprestasie verskaf en moet verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering moet leerders ook help om hul eie prestasie te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en dit behoort verdere leer aan te moedig.

Ten einde die proses van leerderassessering te ondersteun, doen hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die volgende:

- omskryf die leeruitkomste en die gepaardgaande assesseringstandaarde in elke leerarea en vir elke graad in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband (graad R tot 9);
- kontekstualiseer die kritieke uitkomste en die ontwikkelingsuitkomste binne die leeruitkomste en assesseringstandaarde;
- plaas assesseringstandaarde sentraal in die assesseringsproses in elke graad. Assesseringstandaarde beskryf die vlak waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(te) moet toon, asook die manier (diepte en breedte) waarop hulle hul prestasie moet toon.

Die volgende diagram illustreer die wisselwerking tussen die ontwerpselemente van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring:



## ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD

### Definisie

Assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) is 'n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie soos teen die assesseringstandaarde van die leeruitkomste gemeet. Dit vereis duidelik gedefinieerde kriteria en 'n verskeidenheid gepaste strategieë om onderwysers in staat te stel om opbouende terugvoering aan leerders te gee en om aan ouers en ander belangstellendes verslag te doen.

### Kernelemente

Uitkomsgebaseerde onderwys is 'n manier van onderrig en leer wat duidelik maak wat daar van leerders verwag word om te behaal. Die beginsels waarvolgens dit werk, is dat die onderwyser voor onderrig plaasvind, bepaal en noem wat daar van leerders verwag word om te bereik. Dit is die onderwyser se taak om te onderrig ten einde leerders te help om aan die assesseringstandaarde in die kurrikulum te voldoen; die leerders se taak is om dit wat die assesseringstandaarde bepaal, te leer of te doen. Assessering is noodsaaklik in uitkomsgebaseerde onderwys, want dit is nodig om te assesser wanneer 'n leerder dit wat in elke graad vereis word, bereik het.

Ten einde leerders te help om hul volle potensiaal te bereik, behoort assessering die volgende kenmerke te hê:

- deursigtig, demokraties, duidelik gefokus;
- geïntegreer met onderrig en leer;
- gebaseer op voorafbepaalde kriteria of standaarde;
- gevarieerd ten opsigte van metodes en kontekste;
- geldig, betroubaar, regverdig, bepaal volgens die tempo van die leerder en buigsaam genoeg om uitgebreide geleentehede te verseker.

### Doelstellings van Assessering

Die hoofdoel met die assessering van leerders is om hulle individueel te laat groei en ontwikkel, om leerders se vordering te monitor en om hul leer te fasiliteer. Ander gebruike van assessering sluit die volgende in:

- *grondlynassessering van vroeëre leer*  
Grondlynassessering word gewoonlik aan die begin van 'n graad of fase gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet. Dit stel onderwysers in staat om leerprogramme en leeraktiwiteite te beplan.
- *diagnostiese assessering*  
Diagnostiese assessering word gebruik om vas te stel wat die aard en oorsaak van spesifieke leerders se leerstruikelblokke is. Dit word opgevolg deur gepaste strategieë vir ondersteuning of tussentrede.
- *formatiewe assessering*  
Formatiewe assessering monitor en ondersteun die leer- en onderrigproses en word gebruik om onderwysers en leerders oor 'n leerder se vordering in te lig ten einde leer te verbeter. Opbouende

terugvoering word gegee om leerders in staat stel om te groei.

- *summatiewe assessering*  
Summatiewe assessering gee 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip, soos aan die einde van 'n kwartaal of jaar of wanneer 'n leerder na 'n ander skool gaan.
- *sistemiese assessering*  
Sistemiese assessering is 'n manier om die gepastheid van die onderwysstelsel te evalueer. Een komponent hiervan is die assessering van leerderprestasie ten opsigte van nasionale aanduiders. Sistemiese assessering word aan die einde van elke fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband uitgevoer. 'n Verteenwoordigende steekproef skole en leerders word provinsiaal of nasionaal vir sistemiese assessering gekies.

## DEURLOPENDE ASSESSERING

### Kenmerke van Deurlopende Assessering

Deurlopende assessering is die belangrikste metode waarvolgens assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring plaasvind. Dit dek al die assesseringsbeginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en verseker dat assessering aan die volgende vereistes voldoen:

- *vind oor 'n tydperk en voortdurend plaas*: Leer word gereeld geassesseer en rekords van leerders se vordering word regdeur die jaar bygehou.
- *ondersteun leerders se groei en ontwikkeling*: Leerders raak aktiewe deelnemers aan die leer- en assesseringsproses, verstaan die kriteria wat vir assesseringsaktiwiteit gebruik word, is betrokke by selfevaluering, stel hul eie individuele doelwitte, besin oor hul leerproses en ervaar sodoende 'n verbetering in hul selfbeeld.
- *verskaf terugvoering oor leer en onderrig*: Terugvoering is 'n kernelement in formatiewe assessering. Metodes van terugvoering sluit in: gepaste vraagstelling, mondelinge of skriftelike kommentaar deur die onderwyser wat fokus op dit wat deur 'n assesseringsaktiwiteit bereik moes word, en aanmoediging van leerders.
- *maak voorsiening vir geïntegreerde assessering*: Dit kan beteken dat etlike verwante leeruitkomste in 'n enkele aktiwiteit gebruik word en dat verskeie assesseringsmetodes gekombineer word. Bevoegdheid in spesifieke leeruitkomste kan op talle verskillende maniere getoon word; dus moet 'n verskeidenheid assesseringsmetodes en geleenthede waartydens leerders hul vermoë kan toon, gebruik en verskaf word.
- *gebruik strategieë wat vir 'n verskeidenheid leerderbehoefes voorsiening maak (taal, fisiek, sielkundig, emosioneel en kultureel)*: Deurlopende assessering gee onderwysers geleentheid om sensitief vir leerders met spesiale onderwysbehoefes te wees en om leerstruikelblokke met behulp van 'n buigsame benadering te oorkom. Leerders het almal hul eie leerstyl en leer teen hul eie tempo. Alle leerders hoef nie terselfdertyd en op dieselfde manier geassesseer te word nie.

- *maak voorsiening vir summatiewe assessering:* Die akkumulاسie van die resultate van deurlopende assesseringsaktiwiteite verskaf 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip. Summatiewe assessering moet van die begin van die jaar sorgvuldig beplan word ten einde 'n verskeidenheid assesseringstrategieë in te sluit – byvoorbeeld oefeninge, take, projekte, skool- en klastoetse – wat aan leerders 'n verskeidenheid geleenthede sal verskaf om te wys wat hulle geleer het.

### Assesseringstrategieë

Die keuse van watter assesseringstrategieë om te gebruik, is subjektief en uniek aan elke onderwyser, graad en skool. Dit hang ook af van die onderwyser se professionele oordeel. Die beskikbaarheid van ruimte en hulpmiddels beïnvloed hierdie besluit, maar selfs wanneer eenderse hulpmiddels beskikbaar is, verskil die manier waarop onderwysers keuses maak.

Metodes wat vir assesseringsaktiwiteite gekies word, moet gepas wees vir die assesseringstandaarde wat geassesseer word. Al die betrokke leerders en onderwysers moet ook die doel van die assessering duidelik verstaan. Bevoegdheid kan op verskeie maniere getoon word. 'n Verskeidenheid metodes is dus nodig om aan leerders geleentheid te bied om hul vaardighede ten volle te demonstreer.

### Algemene Assesseringstake

Die doel van Algemene Assesseringstake is die volgende:

- verseker konsekwentheid in onderwyseroordele;
- bevorder die stel van algemene standaarde;
- versterk die kapasiteit vir skoolgebaseerde deurlopende assessering;
- verhoog die akkuraatheid van die assesseringsproses en -instrumente;
- verseker dat skoolgebaseerde assesseringstake bevoegdheid en prestasie behoorlik assessee;
- verseker uitgebreide geleenthede vir leerders.

Algemene Assesseringstake word op provinsiale, distriks- of groeperingsvlak gestel. Dit word deur onderwysers geassesseer en ekstern gemodereer.

## DIE BESTUUR VAN ASSESSERING

### Mense betrokke by Assessering

Die skool en die onderwysers het die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die assessering van leerders. Daar word van onderwysers verwag om 'n geldige, betroubare en geloofwaardige assesseringsproses te skep. Provinsiale beleid behoort die betrokkenheid van leerders, skoolassesseringspanne, distrikshulpdienste en ouers, soos gepas, te verseker.

### Skoolassesseringsprogram

Elke skool moet 'n assesseringsprogram gegrond op provinsiale en nasionale riglyne ontwikkel. Skole moet 'n skoolassesseringsplan en 'n span hê om die implementering van hierdie program te fasiliteer. Die span behoort verteenwoordigers uit elke fase en leerarea daarin te hê.

Om 'n professionele benadering tot leerderassessering te verseker, moet die skool se assesseringsprogram die volgende duidelik uiteensit:

- die manier waarop deurlopende assessering beplan en geïmplementeer word;
- hoe rekordboeke/verslagboeke gehou moet word en die toeganklikheid en sekuriteit daarvan;
- die assesseringskodes wat deur die provinsie bepaal is;
- interne verifikasie van assessering;
- hoe moderering in die skool plaasvind;
- hoe dikwels rapportering plaasvind en die metode daarvan;
- die monitering van alle assesseringsprosesse;
- die opleiding van personeel ten opsigte van assessering.

Gebiede waar inskoolopleiding moet plaasvind, sluit in:

- hoe om kriteria vir assessering en assesseringstabelle te gebruik;
- hoe onderwysers in dieselfde graad op die vereistes vir die bereiking van leeruitkomste kan besluit;
- hoe om kommentaar vir assesseringsuitslae en rapporte te skryf;
- hoe om 'n algemene begrip van die skool se assesseringsprogram te verseker.

## VERSLAGHOUDING

### Verlagboeke

Goeie verslag- of rekordhouding is noodsaaklik in alle assessering, veral in deurlopende assessering. 'n Verslagboek of -lêer moet deur elke onderwyser gehou word. Dit moet die volgende bevat:

- name van leerders;
- datums van assessering;
- naam en beskrywing van assesseringsaktiwiteite;
- die uitslae van assesseringsaktiwiteite, volgens leerareas of leerprogramme;
- kommentaar vir steundoeleindes.

Alle rekords moet toeganklik wees, maklik wees om te interpreteer, veilig bewaar word, vertroulik wees en nuttig in die onderrig- en rapporteringsproses wees.

Die assesseringsprogram bepaal die besonderhede van hoe verslagboeke ingevul moet word. Die assesseringskodes word gebruik om aan te dui hoe die leerder in terme van die leeruitkomste presteer. Die kodes wat gebruik word, moet duidelik en verstaanbaar vir leerders en ouers wees.

### Kodes vir Gebruik by Assessering

Daar bestaan talle maniere waarop terugvoering oor assessering aan leerders gegee kan word en hoe onderwysers dit kan opteken. Die keuse van die beste manier van terugvoering vir 'n assesseringsaktiwiteit sal van verskeie faktore afhang, soos:

- die aantal leerders in die klas en die tyd wat die onderwyser beskikbaar het;
- die kompleksiteit en lengte van die assesseringsaktiwiteit;
- die leereinhoud of vaardighede wat geassesseer word;
- hoe gou terugvoering gegee word;
- hoe geïndividualiseer die terugvoering is;
- die kriteria (of assesseringstabelle) wat die onderwyser gebruik om leerderprestasie te beskryf;
- of leerders se prestasie met klasmaats se prestasie of vorige prestasie vergelyk gaan word, en/of die vereistes van die assesseringstandaarde en leeruitkomste.

Sommige assesseringskodes is meer gepas vir sekere doeleindes as ander. Skriftelike kommentaar kan byvoorbeeld besonderhede verskaf, persoonlik wees en voorstelle vir verbetering verskaf. Dit is ook nuttig vir rapportering oor leerderprestasie ten opsigte van assesseringstandaarde. Dit neem egter lank om kommentaar te skryf en is nie baie maklik om op te teken nie. Kodes soos “Uitstekend”, “Baie goed”, “Goed”, “Bevoeg” en “Onvoldoende” is veel vinniger om te skryf en maak dit moontlik om prestasie met vorige werk te vergelyk en teen assesseringstandaarde te assesser. Hierdie kodes verskaf egter nie die besonderhede wat skriftelike kommentaar moontlik maak nie. Punte kan weer vinnig opgeteken word en opgetel, vermenigvuldig en gedeel word. Dit is nuttig wanneer leerders se prestasie in verhouding tot ander in die klas en tot ander grade of skole geassesseer word. Punte verskaf egter min inligting oor leerders se prestasie in terme van die assesseringstandaarde.

’n Paar voorbeelde van ander assesseringskodes is:

- nog nie bereik nie; deels bereik; bereik;
- uitstekende standaard; bevredigende prestasie; benodig ondersteuning;
- A, B, C;
- frases (of assesseringstabelle) wat spesifiek vir die assesseringsaktiwiteit of rapport ontwerp is.

Dit maak nie saak watter assesseringskodes gebruik word nie, terugvoering is altyd doeltreffender wanneer dit met skriftelike kommentaar gekombineer word. Wanneer leerders skriftelike terugvoering eerder as net ’n punt ontvang, is daar ’n groter kans op verbetering in hul prestasie. Alhoewel punte en persentasies baie nuttig vir verslaghouding is omdat dit maklik is om op te teken, is dit dikwels nie nuttig vir terugvoering of rapportering nie. Ander probleme wat deur punte geskep word, is dat dit saamgevoeg en gemanipuleer kan word en dat dit veel in verband met ’n leerder se prestasie en vordering verbloem. Indien leerders meer as een assesseringsaktiwiteit gedoen het, bestaan die versoeking om die punte op te tel en die gemiddeld uit te werk. Wanneer dit gedoen word, verloor punte hul nut om spesifieke inligting oor te dra. ’n Gemiddelde of saamgevoegde punt verbloem die feit dat ’n leerder in een opsig goed aan die verlangde vereiste voldoen het, maar nie in ’n ander nie.

Punte gee ’n geheelindruk van prestasie, maar gee nie aan die leerder die redes vir die assessering van die prestasie (of gebrek aan prestasie) nie. Dit gee ook nie spesifieke riglyne vir verbetering nie. Punte beskryf verder ook nie leerdervordering oor tyd heen voldoende nie. Dikwels word dit as goeie vordering beskou wanneer ’n leerder dieselfde punt as vroeër behaal (mits dit ’n bevredigende punt is). ’n Punt van 70 vir ’n graad 5-assesseringstandaard en ’n punt van 70 vir ’n graad 6-assesseringstandaard verbloem hoe die leerder tydens die jaar gevorder het. Sodanige vordering kan beter deur middel van ’n stelling, kode of skriftelike kommentaar beskryf word.

## Nasionale Kodes

In die verslaghouding van of rapportering oor leerderprestasie in die leeruitkomst van ’n bepaalde graad moet die volgende kodes gebruik word:

- 4 = Leerder se prestasie het die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **oortref**.
- 3 = Leerder se prestasie het aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **voldoen**.
- 2 = Leerder se prestasie het **gedeeltelik** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **voldoen**.
- 1 = Leerder se prestasie het **nie** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad **voldoen nie**.

## Vorderingskedules

Aan die einde van elke jaar moet 'n vorderingskedule voltooi word en deur die skoolhoof en 'n departementele amptenaar onderteken word. Die vorderingskedule is 'n verslag/rekord met 'n opsomming van inligting rakende die vordering van al die leerders in die graad in die skool.

Die vorderingskedule behoort die volgende inligting te bevat:

- naam van die skool en die skoolstempel;
- 'n lys van die leerders in elke graad;
- kodes vir vordering in elke leerarea (nasionale koderingstelsel);
- kodes vir vordering in elke graad (vorder na die volgende graad of bly in dieselfde graad);
- kommentaar op sterk punte en areas wat ondersteuning in elke leerarea vereis;
- datum en handtekening van die skoolhoof, onderwyser of ander opvoeder, en departementele amptenaar.

## Leerderprofile

'n Leerderprofiel is 'n deurlopende verslag wat 'n volledige beeld van 'n leerder se prestasie verskaf, insluitend die holistiese ontwikkeling van waardes, houdings en sosiale ontwikkeling. Dit help die onderwyser in die volgende graad of skool om die leerder beter te verstaan en dus gepas op haar of hom te reageer. Elke leerder se leerderprofiel moet veilig bewaar word en moet leerders deur hul skoolloopbaan vergesel.

Die volgende soort inligting behoort in 'n leerderprofiel te verskyn:

- persoonlike inligting;
- fisieke toestand en mediese geskiedenis;
- skole bygewoon en 'n rekord van bywoning;
- deelname aan en prestasie in buitemuurse aktiwiteite;
- emosionele en sosiale gedrag;
- ouerbetrokkenheid;
- areas wat addisionele ondersteuning benodig;
- opsomming van oorkoepelende rapport aan die einde van die jaar;
- opsommende verslae/rekords van skooljare.

### Let Wel:

- Die leerderprofiel vervang alle vorige deurlopende verslagdokumente wat in skole gebruik is, soos verslagkaarte en Olab-kaarte. Die sentrale doel van 'n leerderprofiel is om 'n leerder by te staan deur toegang tot die verskeidenheid inligting daarin te verskaf.
- Persoonlike inligting in 'n leerderprofiel behoort nooit vir onregverdigde of diskriminerende optrede teen 'n leerder gebruik te word nie.
- Leerderprofile moenie met portefeuljes verwar word nie. 'n Portefeulje is 'n assesseringsmetode wat die leerder en onderwyser saam geleentheid bied om werk wat vir etlike assesseringsaktiwiteite gedoen is, in ag te neem. Die werk word in 'n lêer of houer geplaas. Die leerderprofiel, daarenteen, is 'n rekord wat inligting oor 'n leerder bevat.

## RAPPORTE

### Inligting wat in Rapporte moet Verskyn

Onderwysers moet aanspreeklik teenoor leerders, ouers, die onderwysstelsel en die gemeenskap as 'n geheel

wees wanneer hulle leerders assesseer. Dit vind deur rapportering plaas. Benewens skriftelike rapporte kan mondelinge of praktiese aanbiedings en uitstallings van leerders se werk ook gebruik word.

Elke rapport of verslag oor 'n leerder se algehele vordering behoort inligting in te sluit oor:

- die leer wat plaasgevind het;
- die leerder se bevoegdheid;
- ondersteuning wat nodig is;
- opbouende terugvoering, wat kommentaar oor die leerder se prestasie in verhouding tot klasmaats en die leerder se vorige prestasie ten opsigte van die vereistes van die leerprogramme of leerareas behoort te bevat.

Rapportering aan ouers behoort op 'n gereelde grondslag plaas te vind ten einde hul betrokkenheid en deelname aan te moedig. Onderwysers moet aan die einde van elke kwartaal formele rapporte vir rapportering gebruik. Dit sal gewoonlik nie moontlik wees om inligting oor prestasie in elke leeruitkoms te gee nie. Rapporte behoort egter inligting oor prestasie in elke leerarea of leerprogram (in die geval van die Grondslagfase) te verskaf.

## Rapporte

Die minimum vereistes vir 'n rapport is:

### 1) *Basiese inligting*

- naam van skool;
- naam van leerder;
- graad van leerder;
- geboortedatum van leerder;
- jaar en kwartaal;
- handtekening van ouer of voog en datum;
- handtekening van onderwyser en datum;
- handtekening van skoolhoof en datum;
- datum wanneer skool sluit en heropen;
- skoolstempel;
- skoolbywoningsprofiel;
- verduideliking van die kodes van die nasionale koderingstelsel.

### 2) *Sterk punte en behoeftes*

- Gee 'n beskrywing van die leerder se sterk punte en ontwikkelingsbehoefte of areas wat ondersteuning in elke leerarea of leerprogram benodig.
- Gebruik die nasionale koderingstelsel om prestasie teen die assesseringstandaarde en die leeruitkomste wat tot dusver gedek is, te evalueer – dit is nie nodig om 'n kode vir elke leeruitkoms te gee nie. In die rapport aan die einde van die jaar moet die leerder se algehele prestasie in die leerareas getoon word.

### 3) *Kommentaar op elke leerarea of leerprogram*

Lewer kommentaar op elke leerarea of leerprogram, spesifiek in die geval van leerders wat die vereistes oortref het of ondersteuning benodig. Kommentaar op spesifieke sterk punte of areas wat ondersteuning benodig, behoort met die assesseringstandaarde geskakel te word. Hierdie kommentaar sal ouers, leerders en ander opvoeders in staat stel om te begryp watter ondersteuning die leerder benodig.



## NASLAANLYSTE

### KURRIKULUM EN ASSESSERING

*Hier volg 'n alfabetiese lys kernterme wat in die ontwerp van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en in die meegaande leerderassesseringsbeginsels gebruik word.*

**Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband** – die tien verpligte skooljare wat uit die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fase bestaan

**Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat** – sertifikaat wat na suksesvolle voltooiing van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband verwerf word

**assessering** – 'n deurlopende, beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie, gemeet teen die assesseringstandaarde

**assesseringstandaarde** – die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon ten einde die leeruitkomste in elke graad te bereik

**deurlopende assessering** – 'n assesseringsmodel wat die integrasie van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

**formatiewe assessering** – hierdie vorm van assessering assesseeer leerdervordering tydens die leerproses ten einde terugvoering te verskaf wat leer sal versterk

**grondlynassessering** -- aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

**Grondslagfase** – die eerste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad R, 1, 2 en 3

**integrasie** – 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring wat vereis dat leerders hul kennis en vaardighede van ander leerareas of van verskillende dele van dieselfde leerarea moet gebruik ten einde take en aktiwiteite uit te voer

**Intermediêre Fase** – die tweede fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 4, 5 en 6

**kritieke uitkomst** – saam met die ontwikkelingsuitkomst die kernuitkomst van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit sluit in kernleuensvaardighede vir leerders, soos kommunikasie, kritiese denke, aktiwiteits- en inligtingsbestuur, groep- en gemeenskapswerk en evalueringsvaardighede

**Kurrikulum 2005** – die eerste weergawe van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Suid-Afrika ná apartheid. Die onderwysbeleidsdokument van 1997 verskaf ’n raamwerk vir Vroeëkindontwikkeling, Algemene Onderwys en Opleiding, Verdere Onderwys en Opleiding en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is daarop gerig om Kurrikulum 2005 te versterk.

**leerareas** – die agt kennisvelde in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole): Tale, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Kuns en Kultuur, Lewensoriëntering, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**leerareaverklarings** – die verklaring vir elke leerarea wat die leeruitkomste en assesseringstandaarde vir daardie leerarea uiteensit

**leerderprofiel** – ’n omvattende verslag oor ’n leerder se vordering, insluitend persoonlike inligting, sosiale ontwikkeling, ondersteuningsbehoefte en jaarlikse rapporte

**leerprogramme** – programme van leeraktiwiteite, insluitend inhoud en onderrigmetodes; hierdie programme word deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) onderlê, maar deur provinsies, skole en onderwysers ontwikkel

**leeruitkomste** – leeruitkomste spruit voort uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomste en dui aan wat leerders aan die einde van ’n graad, fase of band moet weet en in staat moet wees om te doen

**nasionale koderingstelsel** – ’n standaard- nasionale stelsel van prestasiekodes ten einde oor ’n leerder se vordering verslag te doen

**ontwikkelingsuitkomste** – saam met die kritieke uitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit is daarop gerig om leerders in staat te stel om doeltreffend te leer en om verantwoordelike, sensitiewe en produktiewe burgers te word

**portefeulje** – individuele lêer of omslag van elke leerder se werk

**Senior Fase** – die derde en laaste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 7, 8 en 9

**summatiewe assessering** – dit verskil van formatiewe assessering aangesien dit na gereelde verslae oor ’n leerder se vordering verwys, gewoonlik aan die einde van ’n kwartaal of jaar

**taal van onderrig en leer** – die taal wat die meeste in ’n bepaalde leer- en onderrigomgewing gebruik word; sommige leerders ervaar onderrig en leer in ’n addisionele taal (nie hul huistaal nie)

**uitkomste** – die resultate aan die einde van die leerproses in uitkomsgebaseerde onderwys; hierdie uitkomste help met die vorming van die leerproses

**uitkomsgebaseerde onderwys** – ’n onderwysproses wat prestasiegeoriënteerd, aktiwiteitsgebaseerd en leerdergerig is; in die navolging van hierdie benadering is Kurrikulum 2005 en die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) daarop gerig om lewenslange leer aan te moedig

**uitreevlak** – wanneer leerders graad 9 voltooi en die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat verwerf

**vordering** – ’n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) wat die leerder in staat stel om geleidelik meer gekompliseerde, dieper en breër kennis, vaardighede en begrip in elke graad te ontwikkel

**vorderingskedules** – die instrument vir die aantekening van alle leerders se vordering in ’n graad aan die einde van ’n jaar; dit sluit kodes in vir vordering in elke leerprogram of leerarea en graad en opmerkings oor nodige ondersteuning

## WOORDELYS: SOSIALE WETENSKAPPE

**argeologie** – die studie van vroeë mense, gewoonlik deur opgrawings by argeologiese terreine te doen

**argeologiese terrein** – ’n plek waar materiële oorblyfsels (bv. gereedskap, juweliersware) en fossiele (soos mens- of dierebeendere) wat ons iets omtrent die lewe in die verlede vertel, aangetref word

**artefakte** – voorwerpe wat deur mense gemaak is, wat ons iets vertel oor die manier waarop hulle in die verlede geleef het (bv. pottebakkerswerk, pylkoppe, klipgereedskap)

**baken** – ’n ooglopende of belangrike voorwerp in ’n gebied; sien ook geskiedkundige baken

**benutting** – die gebruik van iets (bv. die benutting van goeie grond se groeikrag om die bevolking te voed, of die benutting van minerale deur dit te ontgin)

**bewaring** – beskerming van die natuurlike omgewing (bv. grond, plante, diere) teen skade of verlies

**billikheid** – gelykheid; gelyke geleenthede

**diskriminasie** – die onbillike behandeling van mense op grond van ras, klas, seksuele oriëntering, kultuur, geloof, ens.

**ekologiese proses** – die manier waarop die onderlinge verwantskap tussen lewende organismes en die omgewing oor tyd heen verander

**empatie** – die vermoë om iemand anders se optrede, idees of gevoelens te verstaan (bv. om te verstaan hoe mense wat tydens apartheid ’n pas moes dra, gevoel het)

**erfenisgebied** – ’n plek van historiese, kulturele of omgewingsbelang (bv. Robbeneiland, St Lucia-moerasgebied)

**evolusie** – stapsgewyse ontwikkeling van ’n oorspronklike vorm tot iets meer gevorderd

**gelykheid** – om op dieselfde vlak te wees of dieselfde dinge te hê

**geomorfologiese kenmerke** – landvorme op die aardoppervlak

**geskiedkundige baken** – plek, struktuur of gebeurtenis met kulturele of geskiedkundige waarde

**geskiedkundige interpretasie** – ’n verduideliking van ’n gebeurtenis gegrond op geselekteerde bewyse (bv. waarom en hoe iets gebeur het en die gevolge daarvan)

**geslag** – verskille tussen mans en vroue wat sosiaal en geskiedkundig geskep word

**gewapende stryd** – ’n stryd waarin wapens in plaas van vreedsame metodes gebruik word; sien ook lydelike verset

**globalisering** – die toenemende ekonomiese, politieke en kulturele integrasie van die wêreld op so ’n manier dat nasies al hoe afhankliker van mekaar raak en minder in staat is om besluite te neem wat net hulself affekteer; hierdie neiging het ’n toename in ryker lande se oorheersing beteken

**grondvergoeding** – die teruggee van grond aan die regmatige eienaars of vergoeding vir verlies (bv. met kontant)

**hernubare hulpbron** – ’n natuurlike hulpbron wat homself binne ’n redelike tydperk hernu (bv. bome in ’n bos kan afgekap word, maar nuwe bome kan weer geplant word)

**hipotese** – ’n aanname wat as vertrekpunt vir verdere ondersoek gemaak word

**historiese belangrikheid** – ’n gebeurtenis of ’n persoon se geskiedkundige belangrikheid

**historiese bewustheid** – ’n ingeligte begrip van die betekenis van die verlede en hoe dit die hede affekteer

**historiese konteks** – die geskiedkundige omstandighede waarin ’n gebeurtenis plaasgevind het (bv. die Waarheids-en-Versoeningskommissie is na die totstandkoming van ’n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gevorm)

**huidige gebeurtenisse** – gebeurtenisse wat in die hede plaasvind

**hulpbron** – iets wat gebruik kan word om in behoeftes te voorsien (bv. arbeid, minerale, voedsel, tegnologie, medisyne)

**identiteit** – die manier waarop mense hulself verstaan of beskryf (bv. as Hindoe, swart, gay, vroulik); die toestand om ’n gespesifiseerde persoon te wees

**ideologie** – mense se politieke idees (bv. liberaal, sosialisties, radikaal, konserwatief)

**ingeboekte arbeid** – kontrakarbeid

**ingeligte oordeel** – oordeel wat op kennis en begrip van ’n saak gegrond is

**integrasie** –

- (i) om dele te kombineer om ’n geheel te vorm
- (ii) die daarstelling van gelyke deelname aan die samelewing, spesifiek ongeag ras of geloof
- (iii) die beëindiging van rasseseiding

**landelik** – plattelands, nie in die stad nie (soos plaasgebiede)

**lydelike verset** – nie-gewelddadige weerstand teen ’n regering of stelsel (bv. vreedsame protes); sien ook gewapende stryd

**menseslagting** – doelbewuste doodmaak van mense wat tot ’n sekere groep behoort

**mite** –

- (i) ’n tradisionele oortuiging of storie, gewoonlik van godsdienstige belang (positiewe betekenis)
- (ii) ’n onwaarheid of verwringing (negatiewe betekenis)

**mondelinge getuienis** – bewyse deur die gesproke woord

**mondelinge verslag** – ’n storie wat mondelings vertel word of geskiedkundige bewyse wat deur die gesproke woord gegee word (eerder as neergeskryf)

**neo-kolonialisme** – nuwe vorm van kolonialisme waarin een land op 'n ekonomiese eerder as politieke vlak deur 'n ander oorheers word

**nie-hernubare hulpbron** – 'n natuurlike hulpbron wat, wanneer dit eers uitgeput is, waarskynlik nie weer vir toekomstige geslagte beskikbaar sal wees nie (bv. steenkool wat op sal wees wanneer alles ontgin is; 'n spesie wat uitsterf)

**objektief** – nie beïnvloed deur persoonlike gevoelens of menings nie

**omstrede** – waaroor nie saamgestem word nie, waaroor gestry word

**onderdrukking** – onderwerping van 'n mens, 'n groep of 'n land aan wreedheid of ongeregtheid (bv. apartheid, kolonialisme, fascisme, geslagsonderdrukking)

**onderlinge verband** – die verband tussen dinge en/of mense

**ondersoekvaardighede** – die vaardighede nodig om meer oor iets uit te vind (bv. om vrae te stel en antwoorde daarop te probeer vind)

**onteiening** – om weg te neem wat aan ander behoort (bv. grond)

**ontwikkeling** – om iets te verbeter; in terme van 'n land beteken dit gewoonlik die verbetering van maatskaplike en ekonomiese toestande

**partydigheid** – 'n eensydige standpunt

**post-koloniale** – ná kolonialisme tot 'n einde gekom het

**propaganda** – 'n program om mense te oorreed om sekere dinge te glo of om sekere optrede te ondersteun; dit het dikwels (maar nie altyd nie) 'n negatiewe betekenis

**rassisme** – die oortuiging dat mense aan 'n meerderwaardige of minderwaardige ras behoort; houding of vooroordeel wat op so 'n oortuiging gegrond is

**regstelling** – 'n program of beleid om ongeregtheid reg te stel (bv. regstellende aksie om diskriminasie in die werkplek reg te stel)

**ruimte (geografies) –**

- (i) ’n gebied of plek wat deur ’n fisiese of geboude kenmerk ingeneem word
- (ii) die afstand tussen hierdie kenmerke of voorwerpe

**ruimtelike patrone –** maniere waarop mense, plekke en die omgewing in wisselwerking met mekaar is

**samelewing –** ’n gemeenskap mense met hul eie kultuur en stelsel wette

**segregasie –** gedwonge skeiding (bv. van verskillende rassegroepe)

**seksisme –** diskriminasie gegrond op geslagsverskille (bv. om te glo dat net mans of net vroue sekere soorte werk kan doen)

**simulasie –** om ’n toneel uit die verlede op te voer deur historiese verbeelding te gebruik (bv. “dit is die jaar 1976; jy is een van die protesteerders by die studenteopstand ...”)

**skending van regte –** gebrek aan respek vir iemand se regte

**staatsonderdrukking –** ’n stelsel van beheer deur streng of wrede regeringsoptrede en wette

**statutêre –** vereis deur die wet(te) wat ’n land se parlement uitgevaardig het

**stedelik –** in ’n stad of dorp

**stereotipe –** ’n bevooroordeelde en vasgestelde idee oor mense (bv. “alle mense uit Afrika is onbeskaaf” of “alle blondines is dom”)

**uitbuiting –** die gebruik van iets tot ’n mens se eie voordeel; dikwels gebruik vir werkers of hulpbronne (bv. om arbeid uit te buit = om werkers vir wins te gebruik sonder om hulle voldoende vir hul werk te betaal)

**verdraagsaamheid –** respek vir en aanvaarding van ander

**verkenning –** ondersoek; reis om meer te ontdek

**verlore stemme –** stemme en ervarings van sekere groepe wat doelbewus tydens die skryf van die geskiedenis uitgesluit is (bv. slawe, vroue, werkers)

**verstedeliking –** die beweging van mense na stedelike gebiede

**vertelling** – mondelinge of geskrewe verslag (van hoe iets gebeur het)

**vervolging** – wrede behandeling en teistering van individue of groepe

**volhoubare ontwikkeling** – ontwikkeling wat in die behoeftes van die huidige generasie voorsien sonder om toekomstige generasies se vermoë om in hul eie behoeftes te voorsien, te benadeel

**vooroordeel** – onbillike oordeel en behandeling

**xenofobie** – ’n afkeer en verwerping van mense uit ander plekke of lande